| | | |
|---|---|---|
| | **GRONDWET VAN DIE BOSVELD JAGTERS- EN WILDBEWARINGSVERENIGING** | |
| | Datum Hersien | Januarie 2026 |

INHOUDSOPGAWE


| Artikel | Beskrywing | Bladsy |
|---|---|---|
| 1 | Aanhef | 3 |
| 2 | Visie | 3 |
| 3 | Missie | 3 |
| 4 | Doelstellings | 3 - 4 |
| 5 | Woordomskrywings | 4 - 8 |
| 6 | Naam en Wese van Vereniging | 8 |
| 7 | Regspersoonlikheid | 8 |
| 8 | Sake van Gemeenskaplike Belang | 9 - 10 |
| 9 | Sake van Tak Belang | 10 - 11 |
| 10 | Hiërargie en Struktuur | 12 - 13 |
| 11 | Grondwet | 13 |
| 12 | Beleidskrifte en Prosedures | 13 - 14 |
| 13 | Kompetisiereëls | 14 |
| 14 | Lidmaatskap | 14 - 19 |
| 15 | Takke | 20 - 24 |
| 16 | Uitvoerende Ampsdraers | 24 - 26 |
| 17 | Uitvoerende Werknemers | 26 |
| 18 | Uitvoerende Bestuur | 26 - 29 |
| 19 | Advieskomitee | 29 - 30 |
| 20 | Uitvoerende Ledevergaderings | 30 - 32 |
| 21 | Algemene Bepalings t.o.v. Alle Vergaderings | 32 |
| 22 | Finansiële Bepalings | 32 - 33 |
| 23 | Beskerming van Regte | 33 |
| 24 | Dissiplinêre Optrede | 33 |
| 25 | Jurisdiksie | 34 |
| 26 | Algemeen | 34 |
| Aanhangsel A | Dissiplinêre Beleid en Prosedure | 35 - 41 |
| Aanhangsel B | Lidmaatskap Beleid en Prosedure | |
| Aanhangsel C | Pligstate van Ampsdraers en Werknemers – Uitvoerend en Tak | |
| Aanhangsel D | Vergaderings en Vergaderingsprosedures | |

| | | |
|---|---|---|
| Aanhangsel E | Opleiding | |
| Aanhangsel F | Klere- en Kleure Kode | |
| Aanhangsel G | Kompetisiereëls | |

## 1. AANHEF

1.1 In nederigheid erken ons God Drie-enig as Skepper en Heerser oor die Heelal en stel ons onsself as Lede van die Bosveld Jagters- en Wildbewaringsvereniging ondergeskik aan Sy Oppergesag.

## 2. VISIE

2.1 Om as jagters en vuurwapeneienaars aktief 'n positiewe bydra te maak om die omgewing te bewaar vir die nageslag terwyl ons dit volhoubaar benut.

## 3. MISSIE

3.1 Deur vuurwapens se rol in omgewingsbewaring, volhoubare benutting, voedselsekuriteit, ontspanning en die sosio-ekonomie te bevestig en te bevorder.

## 4. DOELSTELLINGS

4.1 Die doel van Bosveld Jagters- en Wildbewaringsvereniging is om:

4.1.1 'n Geakkrediteerde platform te skep vir vuurwapeneienaars om hulle wapens wettig te bekom, te besit, te gebruik en te behou deur die volgende dissiplines binne Bosveld Jagters korrek te administreer, te bestuur, te beoefen en te beheer en gereelde aktiwiteite en kompetisies aan te bied in:

4.1.1.1 **Jag**, wat bestaan uit verskillende afdelings. Die afdelings word vervat in Aanhangsels E en G.

4.1.1.2 **Sportskiet**, wat bestaan uit verskillende afdelings. Die afdelings word vervat in Aanhangsels E en G.

**4.1.1.3** **Omgewingsbewaring:** Die onderskeie aktiwiteite word vervat in Aanhangsels E en G.

4.1.2 Lede instaat te stel om toegewyde sportskut status en toegewyde jagter status te verwerf en te onderhou met gedokumenteerde deelname aan gereelde aktiwiteite.

4.1.3 Die beginsels van amateur jag en amateur teikenskiet as sport te onderskryf en te bevorder.

4.1.4 Om jag en sportskiet as 'n bona fide sportsoort te beoefen en om jag- en skietvaardighede van Lede te verbeter.

4.1.5 Ons kultuurerfenis van wettige jag en vuurwapeneienaarskap te bewaar en die kultuur van jag en vuurwapens aktief uit te leef, te bevorder en uit te brei, veral onder die jeug.

4.1.6 Jag as 'n onontbeerlike afdeling van volhoubare benutting te beoefen en te bevorder.

4.1.7 Verantwoordelike vuurwapeneienaarskap te ontwikkel en te bevorder deur gereelde opleiding in die veilige hantering van vuurwapens.

4.1.8 'n Positiewe beeld van die jagter en sportskut te vestig en uit te bou.

4.1.9 Natuurlike hulpbronne en spesies (plant en dier) verantwoordelik en volhoubaar te benut tot voordeel van die omgewing in geheel.

4.1.10 Ekosisteme te help instand hou en biodiversiteit te bevorder.

4.1.11 ‘n Bydra te maak tot voedeselsekuriteit, gemeenskapsontwikkeling en werkskepping deur volhoubare benutting.

4.1.12 Besoedeling te voorkom of ten minste tot die minimum te beperk in die areas waar ons aktief is.

4.1.13 Kennis t.o.v. omgewingsbewaring by Lede en gemeenskappe uit te brei.

4.1.14 Aktief by te dra tot die bewaring van bedreigde spesies (plant en dier) deur die verantwoordelike kommersialisering daarvan te ondersteun.

4.1.15 Die Nasionale regering en Provinsiale regerings behulpsaam te wees met probleemdier beheer.

4.1.16 Enige negatiewe impakte van ons aktiwiteite op die omgewing uit te skakel of ten minste te minimaliseer in die areas waar ons aktief is.

4.1.17 Aparte gespesialiseerde strukture en entiteite (maatskappye of trusts) binne Bosveld Jagters te skep of met ander organisasies en instansies saam te werk wat soortgelyke doelwitte nastreef en wat oor bestaande gespesialiseerde strukture en entiteite beskik.

## 5. WOORDOMSKRYWINGS

5.1 Tensy dit uit die samehang anders blyk, sal die woorde hieronder die volgende betekenisse hê in die Grondwet, Beleidskrifte en Prosedures sowel as die Kompetisiereëlboek van Bosveld Jagters- en Wildbewaringsvereniging en die manlik sal ook die vroulik insluit en die enkelvoud die meervoud:

5.1.1 “Aangeklaagde” beteken enige persoon, Bestuur of Tak wat kragtens die bepalings van Aanhangsel A skriftelik aangekla word.

5.1.2 “Ad Hoc Toekenning” beteken ‘n toekenning wat Bosveld Jagters aan nie-lede kan toeken kragtens Art. 14.6.9.

5.1.3 “Affiliaat of Affiliaat Lid” beteken ‘n opbetaalde Lid wat as Professionele Jagter of as Professionele Veldgids of as Natuurbewaarder gekwalifiseerd is en sodanig praktiseer. Sulke Lede het beperkte voordele en geen stemreg.

5.1.4 “Aflewer” beteken deur dit persoonlik op iemand te bestel of te stuur per koerierdiens of elektronies gestuur per e-pos of goedgekeurde mediaplatform. In die geval van ‘n koerierdiens sal dit aanvaar word dat ‘n Lid of persoon dit vyf (5) dae ná versending ontvang het. Die e-pos adres of ander mediaplatform kontakbesonderhede sal wees soos per inligting ontvang van die Lid of persoon se profiel op die webwerf.

5.1.5 “Aktiwiteit” beteken enige gebeurtenis waaraan ‘n Lid deelneem wat gereël of moontlik gemaak word deur Bosveld Jagters.

5.1.6 “Ampsdraer” beteken ‘n persoon verkies tot ‘n amp kragtens Art. 15.3.3 en Art. 16.2.2 of ‘n persoon gekoöpteer in die amp kragtens Art. 15.3.4 en Art. 16.2.3 of ‘n persoon aangewys deur die Bosberaad kragtens Art. 16.2.5.

5.1.7 “Anders Vermoënde Skut” beteken ‘n persoon met ‘n gestremdheid en/of spesiale behoeftes as gevolg van liggaamlike gebreke of siekte en wat van ‘n hulpmiddel of ‘n spesiööale hulpmiddel gebruik moet maak om ‘n vuurwapen veilig te kan afvuur.

5.1.8 “Artikel” beteken die genommerde bepaling in die Grondwet van Bosveld Jagters.

5.1.9 “Baanoffisier” beteken die gekwalifiseerde persoon aan die hoof van die sportskietkompetisie of skiet aktiwiteit.

5.1.10 “Baanbeampte” beteken die gekwalifiseerde persoon wat die Baanoffisier bystaan tydens ‘n sportskietkompetisie of skiet aktiwiteit.

5.1.11 “Beleidskrifte en Prosedures” beteken die Aanhangsels wat die uitgebreide riglyne en prosesse bevat ter ondersteuning van die bepalings in die Grondwet met tydlyne waar van toepassing.

5.1.12 “Beoordelaar” beteken die persoon wat die puntetoekenning hanteer van ‘n kompeterende aktiwiteit.

5.1.13 “Bondgenootskap” beteken ‘n vrywillige alliansie van Takke om ‘n Uitvoerende liggaam te vorm om sake van gemeenskaplike belang te hanteer.

5.1.14 “Boog” beteken enige wapen wat met behulp van ‘n snaar ‘n projektiel aandryf.

5.1.15 “Bosberaad” beteken die jaarlikse beplanningsvergadering van Bosveld Jagters wat vir die Lede gehou word soos bepaal in Art. 18.4.7.

5.1.16 “Deelnamekategorieë” beteken die kategorieë waarin Lede aan kompetisies in Bosveld Jagters kan deelneem gebaseer op ouderdom en fisieke toestand.

5.1.17 “Die Wet op Vuurwapens” beteken die Wet op Regulering van Vuurwapens (Wet 60/2000) en alle regulasies daaronder uitgereik en soos van tyd tot tyd gewysig.

5.1.18 “Dissiplinêre komitee” beteken die dissiplinêre komitee, Tak- of Uitvoerende vlak, van Bosveld Jagters- en Wildbewaringsvereniging soos saamgestel kragtens Aanhangsel A.

5.1.19 “E-Lid” beteken enige opbetaalde Lid van Bosveld Jagters wat ‘n verminderde Lidmaatskapfooi betaal en beperkte voordele in Bosveld Jagters geniet met geen stemreg.

5.1.20 “Embleem” beteken die erkende, goedgekeurde Bosveld Jagters kenteken.

5.1.21 “Gade” beteken ‘n persoon wat op datum van aansluiting of hernuwing van ‘n Lid se Lidmaatskap ‘n gade is in terme van enige wettige huwelik of gebruiklike verbinding wat erken word in terme van Suid-Afrikaanse wetgewing.

5.1.22 “Grondwet” beteken hierdie Grondwet van Bosveld Jagters.

5.1.23 “Hoofbeoordelaar” beteken die persoon aan die hoof van die kompeterende aktiwiteit.

5.1.24 “Honorus Signum” beteken ‘n toekenning wat Bosveld Jagters aan sy Lede kan toeken kragtens Art. 14.6.7.

5.1.25 “Impala Toekenning” beteken ‘n toekenning wat deur Bosveld Jagters aan sy Lede toegeken kan word kragtens Art. 14.6.6

5.1.26 “Jag” beteken om wild op ‘n etiese wyse op te spoor, te agtervolg en dood te skiet.

5.1.27 “Jurie” beteken die arbiter van enige dispuut by ‘n kompeterende aktiwiteit.

5.1.28 “Kennisgewing” beteken ‘n skriftelike dokument wat by ‘n Lid of persoon afgelewer word.

5.1.29 “Klaer” beteken ‘n Lid of Bestuur wat ‘n klagte ingedien of ‘n dispuut verklaar het teen ‘n ander Lid, Bestuur of Tak van Bosveld Jagters.

5.1.30 “Klousule” beteken ‘n bepaling in ‘n Aanhangsel tot die Grondwet van Bosveld Jagters.

5.1.31 “Kompetisie” beteken deelname deur ‘n Lid aan enige afdeling van enige dissipline waar ‘n wenner bepaal sal word en/of merietekleure verwerf word of vir kwalifisering vir ander instellings se kompetisies.

5.1.32 “Koördineerder” beteken ‘n persoon gekoöpteer kragtens Art. 15.3.4 en Art. 16.2.3

5.1.33 “Kworum” beteken die aantal stemgeregtigdes wat teenwoordig moet wees volgens die Grondwet van Bosveld Jagters om die vergadering geldig te kan verklaar.

5.1.34 “Lid” beteken enige opbetaalde Lid van Bosveld Jagters.

5.1.35 “Lidmaatskapklassifikasie” beteken die indeling van Lede in groeperings wat gebruik word om die Lidmaatskapfooie en addisionele Takfooie te bepaal kragtens Art 14.2.2.

5.1.36 “Luggeweer” beteken enige wapen wat met behulp van saamgeperste lug ‘n projektiel aandryf.

5.1.37 “Meerderheid” beteken ‘n gewone meerderheid van 50% plus een (1) van die stemgeregtigdes teenwoordig.

5.1.38 “Minderjarige skut” beteken ‘n persoon wat aan ‘n skietaktiwiteit of kompetiesie deelneem en onder die ouderdom van 18 jaar is.

5.1.39 “Nasionaal” beteken oor provinsiale grense maar binne die grense van die Republiek van Suid Afrika.

5.1.40 “Nasionale bates” beteken bates van Bosveld Jagters wat deur die Uitvoerende Bestuur aangekoop is met fondse van die Uitvoerende Bestuur.

5.1.41 “Organiseerder” beteken ‘n Lid wat die Koördineerder bystaan om spesifieke aktiwiteite of afdelings te hanteer maar is nie ‘n Ampsdraer nie en het nie stemreg in ‘n Uitvoerende Bestuursvergadering nie.

5.1.42 “Opbetaalde Lid” beteken ‘n Lid wat die Lidmaatskapfooi van Bosveld Jagters sowel as die Addisionele Takfooi van sy Tak, indien van toepassing, ten volle betaal het of beskik oor ‘n getekende afbetalingsooreenkoms om dit te betaal.

5.1.43 “President” beteken die verkose president van Bosveld Jagters.

5.1.44 “Presidentstoekenning” beteken ‘n toekenning wat Bosveld Jagters aan sy Lede kan toeken kragtens die bepalings van Art. 14.6.8.

5.1.45 “Premium Lid” beteken ‘n opbetaalde Lid van Bosveld Jagters wat vir die volledige stel dienste van Bosveld Jagters kwalifiseer.

5.1.46 “Probleemdier” beteken wilde diere wat as sodanig deur wetgewing of Provinsiale ordonansie verklaar word.

5.1.47 “Resolusie” beteken ‘n wettige besluit geneem op ‘n vergadering of soos per Art. 15.4.4. of Art. 15.4.5 hieronder.

5.1.48 “Sake van gemeenskaplike belang” beteken die aangeleenthede van gemeenskaplike aard wat die Takke nie self kan hanteer nie en na die Uitvoerende Bestuur verwys om namens hulle te bestuur en is vervat in Art. 8 hieronder.

5.1.49 “Sake van Tak belang” beteken die aangeleenthede wat deur die Takke self gehanteer word en is vervat in Art. 9 hieronder.

5.1.50 “Sertifikaat vir Verdienstelikheid” beteken die Impala Toekenning.

5.1.51 “Tak bates” beteken die bates van die Tak aangekoop deur die Tak Bestuur uit die Tak se eie fondse.

5.1.52 “Tak Bestuur” beteken die Ampsdraers en persone soos vervat in Art. 15.3.3, Art. 15.3 4, Art. 15.3.5 en Art. 15.3.9.

5.1.53 “Tak Dagbestuur” beteken die Tak Voorsitter, Tak Ondervoorsitter, die Tak Tesourier en die Tak Sekretaris.

5.1.54 “Tak kwalifiseringskompetisie” beteken die kompetisies wat deur die Tak Besture aan Lede gebied word om te kwalifiseer om deel te neem aan die Nasionale Kampioenskappe.

5.1.55 “Tak Span” beteken die span wat die Tak verteenwoordig by kompetisies en bestaan uit vier (4) Lede wat volgens die kriteria kwalifiseer.

5.1.56 “Tak” beteken ‘n groepering van Lede in ‘n spesifieke geografiese gebied wat saamgevoeg is in ‘n enkele struktuur en wat aangesluit is by die bondgenootskap wat Bosveld Jagters vorm.

5.1.57 “Teenwoordig” beteken ‘n geregtigde persoon fisies by die vergadering of aanlyn gekoppel met die vergadering of ‘n geregtigde persoon wat as ‘n volmaggewer deur ‘n goedgekeurde genotuleerde skriftelike volmag verteenwoordig word.

5.1.58 “Toegewyde status” beteken toegewyde sportskut- of toegewyde jagter status soos bepaal in die Wet op Vuurwapens en uitgereik deur Bosveld Jagters kragtens lisensie no. 1300084 en 1300116 onderskeidelik of uitgereik deur ander geakkrediteurde instansies wat deur Bosveld Jagters erken word.

5.1.59 “Uitvoerende Bestuur” beteken die verkose Ampsdraers van Bosveld Jagters soos bepaal in Art. 16.2.2 plus die gekoöpteerde Ampsdraers soos bepaal in Art. 16.2.3 plus die aangewese Ampsdraers soos bepaal in Art. 16.2.5 plus die Voorsitter, Ondervoorsitter, Sekretaris en Tesourier van elke Tak.

5.1.60 “Uitvoerende Dagbestuur” beteken die President, Uitvoerende Voorsitter, Uitvoerende Ondervoorsitter, Uitvoerende Sekretaris en Uitvoerende Tesourier.

5.1.61 “Verteenwoordiger” beteken ‘n afgevaardigde Lid van die Takbestuur wat deur die betrokke Takbestuur aangewys is om die Tak te verteenwoordig namens die Voorsitter tydens ‘n Uitvoerende Bestuursvergadering of Algemene Uitvoerende Jaarvergadering of ‘n Spesiale Algemene Uitvoerende Vergadering.

5.1.62 “Vise-President” beteken die persoon of persone (maks. 4) aangewys in die amp kragtens Art. 16.2.5.

5.1.63 “Volmag” beteken die volledig ingevulde en ondertekende voorgeskrewe volmag wat ‘n opbetaalde Lid magtig om namens ‘n ander opbetaalde Lid te stem in ‘n vergadering.

5.1.64 “Voorsittende Beampte” is deel van die Dissiplinêre Komitee wat die dissiplinêre verhoor waarneem en dan ‘n bevinding en aanbeveling maak na die betrokke Bestuur.

5.1.65 “Vrygestelde Lid” beteken ‘n Lid wat vrygestel is van die Lidmaatskapfooi deur die Uitvoerende Bestuur.

5.1.66 “Vuurwapen” beteken enige wapen wat met behulp van die ontbranding van kruit ‘n projektiel aandryf.

5.1.67 “Wapen” beteken enige wapen wat ‘n boog, luggeweer en vuurwapen insluit.

## 6. NAAM EN WESE VAN BOSVELD JAGTERS

6.1 Hierdie organisasie is ‘n nasionale organisasie en sal bekend staan as Bosveld Jagters- en Wildbewaringsvereniging en hierna genoem Bosveld Jagters.

6.2 Bosveld Jagters bestaan uit outonome Takke wat verenig is in ‘n bondgenootskap met ‘n gemeenskaplike doel onder ‘n uitvoerende bestuur wat sake van gemeenskaplike belang behartig soos meer volledig uiteengesit word in Art. 8.

6.3 Die uitvoerende kantoor van Bosveld Jagters word van tyd-tot-tyd vasgestel deur die Algemene Uitvoerende Jaarvergadering.

6.4 Bosveld Jagters is ‘n nie-winsgewende, nie-politieke organisasie met geen politieke affiliasie nie.

6.5 Bosveld Jagters is ‘n vrywillige, demokratiese, amateur organisasie vir Lede wat aan die aktiwiteite van Bosveld Jagters deelneem ooreenkomstig die Grondwet, Beleidskrifte en Prosedures van Bosveld Jagters asook die Kompetisiereëls.

## 7 REGSPERSOONLIKHEID VAN BOSVELD JAGTERS

7.1 Die bestuur van Bosveld Jagters word behartig deur die Uitvoerende Bestuur en outonome Tak Besture soos duidelik hieronder uiteengesit.

7.2 Beide die besture word beklee met regspersoonlikheid.

7.3 Beide die besture moet optree binne die bepalings van die Wetgewing van Suid Afrika en Bosveld Jagters se Grondwet, Beleidskrifte en Prosedures asook die Kompetisiereëls.

7.4 Geen Ampsdraers in Bosveld Jagters sal egter persoonlike aanspreeklikheid opdoen vir die uitvoering van hul pligte binne Bosveld Jagters nie.

7.5 Elke Tak sal afsonderlik aanspreeklik wees vir regsverpligtinge of ooreenkomste in eie naam van die Tak aangegaan en verantwoordelik wees vir hulle eie kostes en uitgawes.

7.6 Bosveld Jagters se Uitvoerende Bestuur sal geen aanspreeklikheid opdoen in die geval waar ‘n eis ontstaan weens die oortreding van Wetgewing Suid Afrika of Bosveld Jagters se Grondwet, Beleidskrifte en Prosedures deur ‘n Tak nie.

## 8 SAKE VAN GEMEENSKAPLIKE BELANG

8.1 Bosveld Jagters sal ‘n Uitvoerende Bestuur saamstel wat Bosveld Jagters sal bestuur deur die toepassing van hierdie Grondwet, Beleidskrifte en Prosesse asook Kompetisiereëls deur die neem van besluite oor Sake van Gemeenskaplike Belang en die uitvaardiging van beleid, prosedures en reëls.

8.2 Waar nodig sal tug toegepas word in belang van Bosveld Jagters en al sy Lede.

8.3 Die Uitvoerende Bestuur sal die volgende sake van gemeenskaplike belang behartig:

8.3.1 Jaarliks ‘n Algemene Uitvoerende Jaarvergadering vir Lede hou in November.

8.3.2 Jaarliks Lidmaatskapfooie vasstel tydens die bosberaad.

8.3.3 Die nasionale inkomste, eiendom en bates van Bosveld Jagters wat uit enige bron mag voortkom te gebruik en te bestuur om die gemeenskaplike belange en doelstellings van Bosveld Jagters in belang van al die Lede te bevorder, te bereik en te handhaaf.

8.3.4 Op Uitvoerende vlak fiskale en finansiële dissipline toepas deur jaarliks:

8.3.4.1 ‘n Begroting saam te stel vir goedkeuring by die Bosberaad;

8.3.4.2 Rekenskap te gee van alle finansiële transaksies en volledige finansiële state, hersien deur ‘n ouditeur, voorlê aan die Algemene Uitvoerende Jaarvergadering.

8.3.4.3 ’n Volledige inventaris van nasionale bates by te hou en dit moet ter enige tyd, op aanvraag, beskikbaar wees ter insae vir die Uitvoerende Bestuur of enige Lid.

8.3.4.4 Ook gekonsolideerde finansiële state voor te lê aan die Algemene Uitvoerende Jaarvergadering.

8.3.5 ‘n Nasionale webtuiste skep, as amptelike kommunikasie- en inligtingsnetwerk en toesien dat die webtuiste van Bosveld Jagters gereeld bygewerk word en funksioneel, gebruikersvriendelik en toeganklik is vir alle Lede.

8.3.6 Met owerheidsinstansies skakel en deelneem aan nasionale- en internasionale forums en besluitnemingsprosesse deur middel van CHASA en SUCo of ander soortgelyke organisasies om die belange van die Lede en Bosveld Jagters in die algemeen te bevorder.

8.3.7 Verseker dat voldoen word aan die nakomingsvereistes van die Wet op Vuurwapens om toegewyde statusse aan Lede te kan uitreik en instand te hou.

8.3.8 Verseker dat wysigings aan die Wet op Vuurwapens aan Lede deurgegee word.

8.3.9 Toesien dat toepaslike omvattende aanspreeklikheidsdekking (versekering) uitgeneem en instand gehou word.

8.3.10 Toesien dat jag- en sportskietkompetisiereëls opgestel en korrek toegepas en gehandhaaf word tydens die SA Kampioenskap.

8.3.11 Jaarliks die Intertak- en Nasionale Kampioenskappe in albei die dissiplines, met hul onderskeie afdelings, reël en aanbied in samewerking met die Tak wat die fasilliteite verskaf.

8.3.12 Meriete kleure aan kwalifiserende Lede toeken.

8.3.13 Verenigingspanne kan gekies word ná afloop van die Nasionale Kampioenskappe en kompetisies kan vir verkose Verenigingspanne gereël en aangebied word.

8.3.14 Omsien na die bewoording van vrywaringsvorms en dit aan die Takke voorsien.

8.3.15 ‘n Volledige rekordlys byhou van alle nasionale jag- en sportskietkompetisies.

8.3.16 Verseker dat alle aktiwiteite, hetsy jag of sportskiet, voldoen aan die Wet op Vuurwapens asook die Provinsiale Ordonansies.

8.3.17 Heraldiese evaluering en beginsels toepas wat betref kentekens en kleure van Bosveld Jagters met sy onderskeie Takke.

8.3.18 Bosveld Jagters nasionaal uitbrei en nuwe Takke stig.

8.3.19 Toepaslike opleidingsprogramme identifiseer en/of ontwikkel en gereeld opdateer.

8.3.20 Indien nodig, personeel aan te stel op Uitvoerende vlak om funksionele diens aan Lede te verseker.

## 9 SAKE VAN TAK BELANG

9.1 Die Takke sal as selfstandige regspersone van Bosveld Jagters deur Tak Besture bestuur word deur die toepassing van die Grondwet, Beleidskrifte en Prosedures asook Kompetisiereëls en deur die neem van besluite oor Sake van Tak Belang en die toepassing van tug, in belang van al sy Lede op ‘n apolitiese wyse.

9.2 Die Tak Bestuur sal die volgende sake van Tak Belang behartig:

9.2.1 Jaarliks ‘n Algemene Tak Jaarvergadering en ten minste twee Algemene Ledevergaderings vir Lede hou.

9.2.2 Jaarliks addisionele Takfooie en -heffings vasstel om begrotings te laat klop.

9.2.3 Die Tak inkomste, eiendom en bates van die Tak wat uit enige bron mag voortkom te gebruik en te bestuur om sodoende die Tak belange en doelstellings in belang van al die Lede van die Tak te bevorder, te handhaaf en te bereik.

9.2.4 Fiskale en finansiële dissipline toepas deur jaarliks:

9.2.4.1 ‘n Begroting saam te stel vir goedkeuring by die Algemene Tak Jaarvergadering;

9.2.4.2 Rekenskap te gee van alle finansiële transaksies van die Tak en volledige finansiële state, afgeteken deur ‘n rekeningkundige beampte, voorlê aan die Algemene Tak Jaarvergadering.

9.2.4.3 ’n Volledige inventaris van Tak bates by te hou en dit moet ter enige tyd, op aanvraag, beskikbaar wees ter insae vir die Uitvoerende Bestuur of enige Lid.

9.2.5 Op streeks- en provinsiale vlak met owerheidsinstansies skakel en deelneem aan besprekings- en besluitnemingsprosesse om die belange van Lede en Bosveld Jagters te bevorder.

9.2.6 Verseker dat voldoen word aan die nakomingsvereistes van die Wet op Vuurwapens om toegewyde statusse aan Lede te kan uitreik en instandhou.

9.2.7 Toesien dat endossemente uitgereik word aan Lede.

9.2.8 Verseker dat wysigings aan die Wet op Vuurwapens aan Lede deurgegee word.

9.2.9 Toesien dat voldoen word aan die polisvereistes van die omvattende aanspreklikheidsdekking (versekering).

9.2.10 Verseker dat geleenthede en geskikte fasiliteite beskikbaar is vir deelname aan Bosveld Jagters se aktiwiteite.

9.2.11 Gereelde Takkompetisies in albei die dissiplines, met hul onderskeie afdelings, reël en aanbied. Sodanige kompetisies sal dien as kwalifiseringsgeleenthede vir Lede om aan InterTak-, Provinsiale- en Nasionale Kampioenskappe te kan deelneem.

9.2.12 In albei dissiplines met hul verskillende afdelings ‘n Takspan kies om aan die Intertak-, Provinsiale- en Nasionale Kampioenskappe deel te neem.

9.2.13 Tak kleure kan aan kwalifiserende Lede toeken word onderhewig aan die diskresie van die Tak Bestuur.

9.2.14 Intertakkompetisies kan vir Takspanne gereël en aangebied word.

9.2.15 Toesien dat jag- en teikenskietkompetisiereëls korrek toegepas en gehandhaaf word en waar nodig diskresie en oordeel te gebruik.

9.2.16 ‘n Volledige rekordlys byhou van alle aktiwiteite van die Tak.

9.2.17 Verseker dat alle Takaktiwiteite voldoen aan die relevante Wetgewing asook die Provinsiale Ordonansies.

9.2.18 Bosveld Jagters se webtuiste en ander goedgekeurde mediaplatforms gebruik as amptelike kommunikasie- en inligtingsnetwerk.


9.2.19 Heraldiese evaluering en beginsels toepas wat betref kentekens en kleure van die onderskeie Takke.

9.2.20 Opleidingsprogramme, soos geïdentifiseer en/of ontwikkel deur die Uitvoerende Bestuur, vir Lede aanbied.

9.2.21 Die behoefte bepaal vir addisionele opleidingsprogramme en die geleenthede bied aan Lede.

## 10 HIËRARGIE EN STRUKTUUR

# BESTUURSTRUKTUUR VAN BOSVELD JAGTERS




10.1 Bosveld Jagters bestaan uit Takke wat binne die grense van die Republiek van Suid Afrika gesetel is.

10.2 Die Takke dien as primêre diensleweringstrukture vir Bosveld Jagters.

10.3 Bosveld Jagters bestaan tans uit die bondgenootskap van die volgende Takke:

10.3.1 Hoedspruit

10.3.2 Kremetart

10.3.3 Laeveld

10.3.4 Letaba

10.3.5 Magalies

10.3.6 Pietersburg

10.3.7 Potgietersrus

10.3.8 Soutpansberg

10.3.9 Waterberg.

10.4 Nuwe Takke kan gestig word met die goedkeuring van die Uitvoerende Bestuur.

10.5 Die Lede van elke Tak verkies uit sy geledere ‘n Tak Bestuur kragtens die bepalings van Art.15.3.

10.6 Die besluitnemende en uitvoerende gesag t.o.v. Sake van Tak Belang setel in die Tak Bestuur.

10.7 Uitvoerende Ampsdraers word verkies, gekoöpteer en aangewys kragtens die bepalings van Art. 16.2.

10.8 Die uitvoerende gesag van Bosveld Jagters setel in die Uitvoerende Ampsdraers wat verantwoordelik is vir die uitvoering van besluite wat deur die Uitvoerende Bestuur geneem is ten opsigte van Sake van Gemeenskaplike Belang.

10.9 Die Tak verteenwoordigers en die Uitvoerende Ampsdraers vorm gesamentlik die Uitvoerende Bestuur wat naas die Algemene Uitvoerende Vergadering die hoogste besluitnemende gesag is rakende Sake van Gemeenskaplike Belang en wat Bosveld Jagters op uitvoerende vlak ooreenkomstig die Grondwet, Beleidskrywes en Prosesse bestuur.

10.10 Geen Lid wat verkies word of aangewys word as Uitvoerende Ampsdraer kan ook as Ampsdraer in ‘n Tak Bestuur dien nie.

10.11 Geen Uitvoerende Ampsdraer wat verkies of aangewys is se gade kan as Ampsdraer op ‘n Tak Bestuur dien nie.

10.12 Uitvoerende Bestuurslede gee terugvoer van besluite op Uitvoerende Bestuursvergaderings aan Tak Bestuurslede, wat op hul beurt weer terugvoer gee aan Lede.

## 11 GRONDWET

11.1 Die Grondwet van Bosveld Jagters vervat die bepalings van “wat gedoen moet word”.

11.2 Die bepalings en voorskrifte hierin vervat, sal as die “Grondwet van Bosveld Jagters” bekend staan, welke bepalings en inhoud slegs deur ‘n twee derde meerderheid van Lede teenwoordig op ‘n Algemene Uitvoerende Jaarvergadering of Spesiale Algemene Uitvoerende Vergadering gewysig kan word.

11.3 Die Grondwet van Bosveld Jagters geld eenvormig in alle Takke.

11.4 Takke mag oor hul eie grondwet beskik maar geen bepaling in sodanige grondwet mag teenstrydig wees met die bepalings van die Grondwet van Bosveld Jagters nie.

11.5 Indien ‘n Tak nie oor sy eie grondwet beskik nie sal hierdie Grondwet ook dien as die Grondwet van die betrokke Tak.

11.6 Indien daar wel teenstrydige bepalings is sal die Grondwet van Bosveld Jagters as die korrekte beskou word.

11.7 Die Grondwet moet te alle tye vir alle Lede van Bosveld Jagters of enige Lid van die publiek toeganklik wees.

## 12 BELEIDSKRIFTE EN PROSEDURES

12.1 Die Beleidskrifte en Prosedures vervat die bepalings van “hoe dit gedoen moet word”.

12.2 Beleidskrifte en Prosedures bevat die uitgebreide prosesse en ordereëlings om die vaste reëls in die Grondwet te ondersteun en word as Aanhangsels tot die Grondwet ingesluit.

12.3 Beleidskrifte en Prosedures mag gewysig word deur die Uitvoerende Bestuur op ‘n Uitvoerende Bestuursvergadering met vooraf kennisgewing van ten minste een en twintig (21) dae.

12.4 Die kennisgewing moet gepaard gaan met ‘n motivering vir die verandering asook die voorgestelde bewoording.

12.5 Beleidskrifte en Prosedures sal saamgestel word deur die Uitvoerende Bestuur wat sal insluit maar nie beperk is tot:

12.5.1 Aanhangsel A - Dissiplinêre Prosedure;

12.5.2 Aanhangsel B – Lidmaatskap.

12.5.3 Aanhangsel C – Pligstate van Ampsdraers, Koördineerders en Werknemers – Uitvoerend en Tak;

12.5.4 Aanhangsel D – Vergaderings en Vergaderingsprosedures;

12.5.5 Aanhangsel E - Opleiding;

12.5.6 Aanhangsel F – Klere en Kleure Kode;

12.5.7 Aanhangsel G – Kompetisiereëls;

## 13 KOMPETISIEREËLS

13.1 Die Uitvoerende Bestuur sal administratiewe- en deelnamereëls, wat as "Kompetisiereëls" bekend sal staan, saamstel en uitvaardig wat die onderskeie dissiplines en afdelings in Bosveld Jagters onderling reël, welke reëls te alle tye ondergeskik sal wees aan die bepalings van die Grondwet van Bosveld Jagters.

13.2 Die Kompetisiereëls geld eenvormig in alle Takke.

13.3 Die Tak Besture kan diskresie en oordeel toepas na aanleiding van omstandighede maar in kwalifiseringskompetisies mag geen wysiging aan enige afstand, puntetoekenning of -berekening aangebring word nie en teikenareas mag nie groter gemaak word as wat die Kompetisiereëls voorskryf nie.

13.4 Die nie-nakoming van 'n administratiewe reël deur 'n organiseerder van 'n kompetisie mag nie 'n deelnemer aan die kompetisie benadeel nie.

13.5 Kompetisiereëls word vervat in Aanhangsel G en mag gewysig word deur die Uitvoerende Bestuur op 'n Uitvoerende Bestuursvergadering met vooraf kennisgewing van ten minste een en twintig (21) dae.

13.6 Die kennisgewing moet gepaard gaan met 'n motivering vir die verandering asook die voorgestelde bewoording.

13.7 Die Kompetisiereëls moet te alle tye vir alle Lede van Bosveld Jagters of enige Lid van die publiek toeganklik wees.

## 14 LIDMAATSKAP

14.1 Enige Lid van die publiek kan by Bosveld Jagters aansoek doen om Lidmaatskap op die volgende voorwaardes:

14.1.1 'n Voornemende Lid sluit by 'n Tak van sy keuse aan.

14.1.2 Enige voornemende Lid sluit aan en neem deel aan Bosveld Jagters se aktiwiteite op eie risiko.

14.1.3 'n Aansoek om Lidmaatskap mag nie deur Bosveld Jagters afgewys word op grond van ras, velkleur, geslag, geloof of liggaamlike gestremdheid nie.

14.1.4 Enige voornemende Lid moet die aansoekproses volg soos uiteengesit in Aanhangsel B.

14.1.5 Die Lidmaatskapfooi en enige addisionele Takfooie word in die Tak se bankrekening inbetaal.

14.1.6 Nadat die vereiste dokumente en bewys van betaling deur die aansoeker aan die Tak gestuur is sal sy/haar Lidmaatskap op die webtuistestelsel geaktiveer word deur die Tak.

14.1.7 ‘n Voornemende Lid kan aansoek doen vir een van die volgende Lidmaatskapklasse nl:

14.1.7.1 Premium Lidmaatskap;

14.1.7.2 E-Lidmaatskap;

14.1.7.3 Affiliaat Lidmaatskap;

14.1.8 Lidmaatskapfooie vir die onderskeie Lidmaatskapklasse kan verskil en word jaarliks bepaal tydens die Bosberaad.

14.1.9 Premium Lidmaatskap word volgens ouderdomskategorieë en huwelikstatus verdeel en die onderskeie klasse met voordele word in Aanhangsel B volledig vervat.

14.1.10 Aansoeke word elektronies goedgekeur.

14.1.11 ‘n Tak Bestuur of die Uitvoerende Bestuur kan enige persoon, ná kennisname van enige feite wat agterna tot hul kennis kom, sodanige Lidmaatskap weier.

14.2 Lidmaatskapfooie.

14.2.1 Lidmaatskapfooie word jaarliks in Januarie bepaal tydens die Bosberaad en sal betaalbaar wees deur nuwe aansoekers asook bestaande Lede in die volgende finansiële jaar.

14.2.2 Lidmaatskapfooie word bepaal op grond van die volgende Lidmaatskapklassifikasie:

14.2.2.1 Premium Lid - 0 -18 jaar

14.2.2.2 Premium Lid - 19 - 24 jaar

14.2.2.3 Premium Lid - 25 – 64 jaar

14.2.2.4 Premium Lid - 65 – 79 jaar

14.2.2.5 Premium Lid ≥ 80 jaar

14.2.2.6 Premium Lid – Gade

14.2.2.7 E-Lid

14.2.2.8 Affiliaat Lid

14.2.2.9 Vrygestelde Lid

14.2.3 Opbetaalde Lidmaatskap verleen aan ‘n Lid Lidmaatskap met voordele, volgens die gekose Lidmaatskapklas van Bosveld Jagters en sy aktiwiteite, vir ‘n periode van twaalf (12) maande.

14.2.4 Hernuwing van Lidmaatskapfooie moet gedoen word voor die verstryking van die twaalf (12) maande periode.

14.2.5 Alle opbetaalde Lede van Bosveld Jagters sal fakture ontvang vanaf Tak Besture om hul Lidmaatskap te hernu.

14.2.6 Indien ‘n Lid nie sy Lidmaatskap betyds voor die sperdatum hernu nie sal ‘n Lid drie (3) maande grasietyd kry om sy Lidmaatskap te hernu.

14.2.7 ‘n Lid wat steeds in gebreke bly om sy Lidmaatskapfooi te betaal, sal sy/haar Lidmaatskap verbeur asook sy/haar toegewyde status(se) en sal sy/haar naam uit die lederegister verwyder word en kragtens die Wet op Vuurwapens aan die Sentrale Vuurwapen Register gerapporteer word.

14.2.8 Sou sodanige persoon sy Lidmaatskap wou herstel, moet hy/sy weer op die voorgeskrewe wyse aansoek doen om Lidmaatskap en sy/haar volle uitstaande Lidmaatskapfooi en addisionele Takfooi betaal om toegewyde status en Lidnommer te behou.

14.2.9 Sou ‘n persoon verkies om nie sy Lidmaatskap te herstel nie moet hy aansoek doen vir nuwe Lidmaatskap soos bepaal in Aanhangsel B.

14.2.10 Alle Ampsdraers en Administratiewe Beamptes, Uitvoerend en Tak, word vrygestel van Lidmaatskapfooie en Addisionele Takfooie.

14.2.11 Die Uitvoerende Bestuur sal na afloop van die Bosberaad, die nuutvasgestelde bedrae vir Lidmaatskapfooie op die webtuiste publiseer.

14.2.12 Elke opbetaalde Lid van Bosveld Jagters het toegang tot sy persoonlike inligting en profiel wat op die webtuiste gestoor word.

14.2.13 Elke Lid se persoonlike inligting, kursusse suksesvol voltooi, vergaderings bygewoon, aktiwiteitsdeelname en kompetisiestatistieke word onder sy profiel gestoor. Dit word ná elke aktiwiteit deur die betrokke Bestuurslid bygewerk.

14.2.14 Dit is elke Lid van Bosveld Jagters se verantwoordelkheid om sy sosiale aktiwiteite op sy profiel te laai en ook toe te sien dat sy persoonlike inligting soos aangedui in Art. 14.2.13 volledig en korrek is. Enige foute of veranderinge in persoonlike inligting moet binne een en twintig (21) dae aan die Tak Bestuur skriftelik gerapporteer word vir regstelling.

14.3 Takfooie en Heffings.

14.3.1 Takke kan addisionele fooie en heffings vorder vir die algemene bestuur en dienslewering van die Tak aan sy Lede.

14.3.2 Addisionele Takfooie en Heffings wat deur ‘n Tak ingestel word moet jaarliks op die Algemene Tak Jaarvergadering gedurende Augustus/September goedgekeur word en sal betaalbaar wees deur nuwe aansoekers en Lede wat hulle Lidmaatskap hernu in die volgende finansiële jaar.

14.3.3 Addisionele Takfooie en Heffings wat goedgekeur is, is verpligtend op die relevante Tak se Lede.

14.3.4 Die Tak Bestuur sal verseker dat die die nuutvasgestelde bedrae vir Addisionele Takfooie en Heffings jaarliks op die webtuiste geplaas word.

14.3.5 Alle opbetaalde Lede van Bosveld Jagters, sal waar van toepassing, fakture ontvang vanaf die Tak Besture om hul Addisionele Takfooie te hernu.

14.4 Deelname aan kompetisies.

14.4.1 Die deelnamekategorieë aan kompetisies word bepaal volgens ouderdom en fisiese toestand en word vervat in Aanhangsel B.

14.5 Toegewyde Status.

14.5.1 Bosveld Jagters is geakrediteer om toegewyde jag status en toegewyde sportskiet status aan Lede wat daarvoor kwalifiseer uit te reik.

14.5.2 Vir 'n Lid om te kwalifiseer en om sy toegewyde jag status te bekom en/of te behou moet hy:

14.5.2.1 'n opbetaalde Lid van Bosveld Jagters wees:

14.5.2.2 die voorgeskrewe kursus suksesvol voltooi het en

14.5.2.3 jaarliks aan ten minste drie (3) amptelike jagaktiwiteite van Bosveld Jagters deelneem, wat insluit maar nie beperk is nie tot die bywoon van vergaderings of deelname aan inskietaktiwiteite of georganiseerde jagkompetisies, diens as organiseerder of beoordelaar of baanoffisier.

14.5.3 Vir 'n Lid om te kwalifiseer en om sy toegewyde sportskiet status te bekom en/of te behou moet hy:

14.5.3.1 'n opbetaalde Lid wees:

14.5.3.2 die voorgeskrewe kursus suksesvol voltooi het en

14.5.3.3 jaarliks aan ten minste twee (2) amptelike sportskietaktiwiteite van Bosveld Jagters deelneem, wat insluit maar nie beperk is nie tot die bywoon van vergaderings of deelname aan sportskietaktiwiteite of georganiseerde sportskietkompetisies, diens as organiseerder of beoordelaar of baanoffisier of baanbeampte.

14.6 Toekennings aan Lede:

14.6.1 Toekennings aan Lede word gemaak op die beginsel van "kwalifikasie vir nominasie".

14.6.2 Die kriteria hieronder uiteengesit bepaal slegs wanneer 'n Lid in aanmerking kan kom vir nominasie vir 'n toekenning.

14.6.3 Die volledige curriculum vitae van die Lid met 'n volledige motivering vir die nominasie vir die spesifieke toekenning moet by die nominasie ingesluit word.

14.6.4 Alle nominasies vir toekennings in Bosveld Jagters sal deur die Advieskomitee beoordeel word en bevindings sal skriftelik aan die betrokke Tak Bestuur en Uitvoerende Bestuur deurgegee word vir ratifisering.

14.6.5 Enige Tak Bestuur en/of die Uitvoerende Bestuur kan enige toekenning wat aan enige Lid of persoon gemaak is terugtrek in die geval waar die toekenning en/of Bosveld Jagters in oneer gebring word deur sodanige Lid of persoon.

14.6.6 Impala Toekenning:

14.6.6.1 'n Sertifikaat vir Verdienstelikheid, wat bekend sal staan as die "Impala Toekenning" kan aan 'n Lid toegeken word op Tak vlak deur die Tak Bestuur of Uitvoerende vlak deur die Uitvoerende Bestuur.

14.6.6.2 Die Impala Toekenning se doel is om erkenning aan 'n Lid te gee wat getrou en konsekwent die harde en glanslose werk doen binne 'n Tak of op Uitvoerende vlak om die doeltreffende funksionering van die Tak en/of Bosveld Jagters te verseker.

14.6.6.3 'n Lid wat aan beide van die volgende kriteria voldoen kan genomineer word vir 'n Impala Toekenning:

14.6.6.3.1 10 (Tien) jaar Premium Lidmaatskap en

14.6.6.3.2 Onbaatsugtige diens gelewer het vir ten minste 5 jaar aan die Tak of Bosveld Jagters in die algemeen.

14.6.7 Honoris Signum:

14.6.7.1 Die Honoris Signum toekenning word deur die Uitvoerende Bestuur aan 'n Lid of Ampsdraer toegeken om die persoon te vereer vir buitengewone bydraes gelewer tot die voordeel, uitbou en verbetering van Bosveld Jagters.

14.6.7.2 Die toekenning is bedoel om Lede te vereer wat 'n duidelike impak maak of gemaak het in Bosveld Jagters deur middel van hul visie en leierskap of prestasie of kundigheid.

14.6.7.3 'n Lid wat aan enige een (1) van die volgende kriteria voldoen kan genomineer word vir 'n Honoris Signum toekenning:

14.6.7.3.1 Vir 'n ononderbroke tydperk van vyf (5) jaar 'n opbetaalde Lid van Bosveld Jagters is en wat gedurende daardie tydperk uitsonderlik presteer het of buitengewone kundigheid bygedra het in jag, sportskiet of bewaring.

Of:

14.6.7.3.2 Vir 'n tydperk van tien (10) jaar as 'n Ampsdraer in Bosveld Jagters gedien het en buitengewone leierskap getoon het of buitengewone kundigheid bygedra het in enige afdeling van administrasie of bestuur of opleiding of bewaring of bemarking of jag of sportskiet.

14.6.8 Presidentstoekenning:

14.6.8.1 Die Presidentstoekenning is die hoogste toekenning deur Bosveld Jagters aan enige Lid en word uitsluitlik op meriete toegeken vir uitnemendheid.

14.6.8.2 Hoogstens 1 (een) toekenning kan per jaar gedoen word maar dit is nie verpligtend om dit jaarliks toe te ken nie.

14.6.8.3 Die toekenning kan deur die Uitvoerende Bestuur toegeken word aan 'n Lid wat:

14.6.8.3.1 'n Uitsonderlike bydra gemaak het, direk of indirek, om Bosveld Jagters as organisasie te bevorder of te bevoordeel of uit te bou:

Of

14.6.8.3.2 ‘n Uitmuntende prestasie behaal het binne of buite Bosveld Jagters maar wat tot direkte of indirekte voordeel strek van Bosveld Jagters in die algemeen.

Of

14.6.8.3.3 Uitsonderlike kundigheid bygedra het binne of buite Bosveld Jagters maar wat strek tot direkte of indirekte voordeel van Bosveld Jagters.

14.6.9 Ad Hoc Toekennings:

14.6.9.1 Bosveld Jagters se Uitvoerende Bestuur mag van tyd tot tyd Ad Hoc Toekennings toeken aan nie-Lede.

14.6.9.2 Die bepalings van Art. 14.6.3 en Art 14.6.4 sal steeds van toepassing wees.

14.7 Algemeen:

14.7.1 Die betrokke Tak Bestuur is verantwoordelik vir die bywerking en instandhouding van sy eie Tak se Ledeprofiele op die internetwebtuiste.

14.7.2 Slegs opbetaalde Lede wat deelneem aan amptelike aktiwiteite en kompetisies van Bosveld Jagters se aktiwiteite en prestasies sal geldig wees.

14.7.3 ‘n Premium Lid het stemreg vanaf ouderdom 18.

14.7.4 Alle deelnemende skuts, in enige dissipline van enige afdeling, sal voor enige skietaktiwiteit of kompetisie begin, ‘n vrywaring soos vervat in Aanhangsel G, onderteken.

14.7.5 Indien die skut minderjarig is, sal die ouer/voog of persoon verantwoordelik vir die minderjarige skut, die vrywaring mede-onderteken saam met die minderjarige skut.

14.7.6 Enige opbetaalde Lid van die Bosveld Jagters- en Wildbewaringsvereniging kan aansoek doen vir die uitreiking van ‘n amptelike endossement by die Tak.

14.7.7 Geen Lidmaatskap sal toegeken word aan ‘n Lid wat onbevoeg is om ‘n vuurwapen te besit nie.

14.7.8 ‘n Lid wat onbevoeg verklaar word om ‘n vuurwapen te besit se Lidmaatskap kan opgehef word.

14.7.9 ‘n Tak Bestuur of die Uitvoerende Bestuur kan, nadat die voorgeskrewe tugprosedure soos omskryf in Aanhangsel A gevolg is, in die oordeel en diskresie van sodanige Tak Bestuur of die Uitvoerende Bestuur die betrokke Lid se Lidmaatskap tydelik of permanent ophef.

14.7.10 Indien ‘n Lid bedank of sy lidmaatskap opgehef word, sal so ‘n Lid geen reg of aanspraak hê op enige bates of fondse van Bosveld Jagters nie en sal sy/haar toegewyde status, indien van toepassing, verbeur.

## 15 TAKKE

15.1 Alle Sake van Tak Belang word deur die Tak Bestuur hanteer, in ooreenstemming met die Grondwet, Beleidskrifte en Prosedures asook die Kompetisiereëls van Bosveld Jagters.

15.2 Die Tak Bestuur is naas die Algemene Tak Jaarvergadering die hoogste besluitnemende gesag in die Tak en die hoogste uitvoerende gesag op Tak vlak rakende Sake van Tak Belang soos gelys in Art. 9 hierbo.

15.3 Verkiesing van Tak Besture.

15.3.1 Die Tak Bestuur word tweejaarliks op die Algemene Tak Jaarvergadering by wyse van stembriewe verkies in die gevalle waar meer as een kandidaat genomineer is.

15.3.2 Nominasies vir Ampsdraers moet skriftelik ingedien word by die Tak Bestuur 28 (agt en twintig) dae voor die verkiesing.

15.3.3 ‘n Tak se Lede verkies Ampsdraers wat die volgende ampte sal beklee:

15.3.3.1 Voorsitter.

15.3.3.2 Ondervoorsitter.

15.3.3.3 Tesourier.

15.3.3.4 Sekretaris.

15.3.4 Hierdie Ampsdraers vorm die Tak Dagbestuur en die Tak Dagbestuur kan die volgende Ampsdraers koöpteer:

15.3.4.1 Koördineerder – Opleiding.

15.3.4.2 Koördineerder – Bemarking.

15.3.4.3 Koördineerder – Jag en Bewaring.

15.3.4.4 Koördineerder – Sportskiet.

15.3.5 Die Tak Bestuur kan nog addisionele Lede as Organiseerders aanwys om Koördineerders in hul taak by te staan.

15.3.6 Die Ampsdraers in Art. 15.3.3 en Art 15.3.4 tesame met die Organiseerders vorm die Tak Bestuur en het stemreg in die Tak Bestuursvergaderings.

15.3.7 Die Tak Bestuur kan ook betaalde werknemers indiens neem om in die Tak Bestuur te dien.

15.3.8 ‘n Betaalde werknemer op die Tak Bestuur moet ‘n Lid wees.

15.3.9 In so ‘n geval sal so ‘n Lid nie ‘n Ampsdraer wees nie maar sal stemreg hê in ‘n Tak Bestuursvergadering en deel uitmaak van die Tak Bestuur.

15.3.10 Die nominasie van persone om as Ampsdraers van die Tak verkies te kan word vind plaas deur middel van die nominasieproses soos vervat in Art. 15.3.2, Art. 21.1, Art 21.2 en Aanhangsel D.

15.3.11 Die Algemene Tak Jaarvergaderings- en -verkiesingsprosedure word volledig vervat in Aanhangsel D.

15.3.12 Tak Besture moet die Uitvoerende Bestuur binne dertig (30) dae in kennis stel van enige verandering aan die Tak Bestuur.

15.4 Tak Bestuursvergaderings.

15.4.1 ‘n Kworum vir enige Tak Bestuursvergadering is 50% plus een van die Tak se Bestuurslede.

15.4.2 Alle besluite op ‘n Tak Bestuursvergadering geskied by wyse van ‘n gewone meerderheid van 50% plus een (1) van Tak Bestuurslede teenwoordig.

15.4.3 In geval van ‘n staking van stemme sal die Tak Voorsitter ‘n beslissende stem hê.

15.4.4 ‘n Besluit geneem en onderteken deur al die Tak Bestuurslede is net so geldig soos ‘n besluit geneem op ‘n Tak Bestuursvergadering.

15.4.5 ‘n Besluit kan ook geneem word deur ‘n stemming te hou op die aanvaarde sosiale media platform, waartoe alle Lede van die Tak Bestuur toegang het en waar die kennisgewing van die stemming geplaas is.

15.4.6 Die Tak Dagbestuur sal die noodbesluite, soos deur die Tak Voorsitter bepaal, hanteer. Daardie besluite sal genotuleer word en goedgekeur of aangepas word op die eerste daaropvolgende Tak Bestuursvergadering.

15.4.7 Tak Bestuursvergaderings is nie geslote nie en enige Lid is geregtig om dit by te woon onderhewig aan die bepalings van Art. 21.13.

15.4.8 ‘n Tak Bestuur kan enige Lid versoek om voor ‘n Tak Bestuur te verskyn om dokumentasie voor te lê, getuienis te lewer of om enige aangeleentheid te bespreek.

15.5 Algemene Tak Jaarvergadering en Algemene Tak Ledevergaderings.

15.5.1 Elke Tak sal elke jaar drie (3) Algemene Tak Ledevergaderings hou waarvan een (1) die Algemene Tak Jaarvergadering sal wees. Die Tak Bestuur sal een en twintig (21) dae voor die aanvang van ‘n vergadering skriftelik kennis gee aan alle Lede van die Tak.

15.5.2 Die Algemene Tak Ledevergaderings sal verkieslik na afloop van ‘n Uitvoerende Bestuursvergadering gehou word, sodat behoorlike terugvoer aan Lede gegee kan word deur die Tak Bestuur.

15.5.3 Algemene Tak Ledevergaderings kan ook voor die datum van ‘n Uitvoerende Bestuursvergadering gehou word om probleme wat geidentifiseer is te bespreek vir voorlegging aan en hantering deur die Uitvoerende Bestuur.

15.5.4 Die Algemene Tak Jaarvergadering van alle Takke sal gehou word in Augustus of September van elke jaar ter voorbereiding van die Algemene Uitvoerende Jaarvergadering en die Bosberaad.

15.5.5 ‘n Agenda vir die Ledevergaderings asook ‘n notule van die vorige vergadering sal binne 24 uur na kennisgewing uitgestuur word.

15.5.6 ‘n Kworum vir ‘n Algemene Tak Jaarvergadering, ‘n Algemene Tak Ledevergadering of ‘n Spesiale Tak Ledevergadering sal 5% van die opbetaalde Lede van die Tak wees.

15.5.7 Besluitneming vir sake bespreek op so ‘n vergadering sal geskied by wyse van ‘n gewone meerderheid van 50% plus een (1) Lede teenwoordig.

15.5.8 In geval van ‘n staking van stemme sal die Tak Voorsitter ‘n beslissende stem hê.

15.5.9 ‘n Tak Voorsitter kan ‘n Spesiale Tak Ledevergadering belê deur een en twintig (21) dae vooraf skriftelike kennisgewing aan al die Lede te gee, en die Tak Voorsitter bepaal die datum, tyd en plek vir die hou van so ‘n spesiale vergadering.

15.6 Tak Besture en Tak Bestuurslede.

15.6.1 Elke Tak Bestuurslid sal te alle redelike tye:

15.6.1.1 ‘n aanvaarbare hoë mate van etiek handhaaf en dienooreenkomstig optree;

15.6.1.2 alle bronne van die Tak ekonomies en op die mees effektiewe wyse aanwend, gebruik en bewaar;

15.6.1.3 sy dienste onpartydig, onafhanklik en sonder enige bevoordeling of vooroordele uitoefen inbelang van al die Lede as ‘n geheel;

15.6.1.4 toesien en omsien na die behoeftes van die Lede en hulle te alle redelike tye dien en motiveer om aktief betrokke te raak by die aktiwiteite en werksaamhede van die Tak en Bosveld Jagters;

15.6.1.5 goeie menslike hulpbronbestuur toepas; en

15.6.1.6 met die nodige ywer, sorgsaamheid en kundigheid op te tree wat verwag kan word van ‘n persoon in ‘n vertrouensposisie.

15.6.2 Alle Tak Bestuurslede verrig hul ampspligte sonder enige vergoeding, maar indien daar voldoende fondse beskikbaar is, kan Bestuurslede vergoed word vir hul redelike reis en verblyf uitgawes om Tak Bestuursvergaderings of Uitvoerende Bestuursvergaderings of vir enige amptelike aangeleentheid.

15.6.3 Die Tak Bestuur kan ‘n voltydse of deeltydse persoon of persone teen vergoeding aanstel om spesifieke take in die Tak te verrig.

15.6.4 Alle Tak Bestuursbesluite sal so spoedig moontlik aan alle Lede deurgegee word deur die Tak Bestuur.

15.6.5 Elke Tak moet ten minste een (1) bankrekening open waarin alle gelde en fondse wat ontvang word, gedeponeer, hanteer en bestuur word deur die Tak Tesourier in samewerking met die Tak Voorsitter en die Tak Bestuur.

15.6.6 Alle uitgawes wat aangegaan word, moet:

15.6.6.1 redelik en billik wees;

15.6.6.2 in belang van die Tak en/of Bosveld Jagters wees; en

15.6.6.3 deur die Tak Tesourier en Tak Voorsitter goedgekeur word.

15.6.7 Takke kan fondse aan of by Bosveld Jagters se Uitvoerende Bestuur leen.

15.6.8 Takke mag skenkings en erflatings ontvang en fondsinsamelings hou om hul fondse aan te vul.

15.6.9 Die fondse van elke Tak word gegenereer deur die invordering van Lidmaatskapsgelde, Addisionele Takfooie, heffings en die aanbieding van fondsinsamelingsprojekte vir die algemene bestuur van die Tak.

15.6.10 Takke moet Lede werf.

15.6.11 Takke hanteer die aansoeke en opleiding van Lede vir toegewyde jagter- en toegewyde sportskutstatus.

15.6.12 Die Tak Bestuur moet verseker dat die name van die Lede in die Tak wat toegewyde statusse verwerf aan die Uitvoerende Koördineerder – Bemarking deurgegee word en dat die lys op datum is.

15.6.13 Indien enige Lid van ‘n Tak Bestuur se Lidmaatskap verval, word so ‘n Bestuurslid van sy pos onthef deur die Tak Bestuur, tensy die Tak Bestuur op aansoek van so ‘n Lid anders sou bevind.

15.6.14 Die Tak Dagbestuur sal so spoedig moontlik iemand tydelik koöpteer om in die bestuurspos waar te neem tot en met die volgende Tak Bestuursvergadering, waartydens die Tak Bestuur dit sal bekragtig of iemand anders sal koöpteer.

15.7 Sanksies:

15.7.1 ‘n Tak Bestuurslid kan deur die Tak Bestuur of die Uitvoerende Bestuur uit sy amp onthef word indien:

15.7.1.1 Hy vir ‘n tydperk van drie (3) maande of langer uit die Tak afwesig is en sodoende nie sy werksaamhede kan uitvoer nie;

15.7.1.2 Hy nie ten minste 66% van Tak Bestuursvergaderings per jaar bywoon nie;

15.7.1.3 ‘n Klagte teen sodanige Lid ingedien word deur ‘n ander Lid of die Tak Bestuur of die Uitvoerende Bestuur.

15.7.2 ‘n Tak Bestuurslid sal deur die Tak Bestuur of die Uitvoerende Bestuur uit sy amp onthef word indien:

15.7.2.1 Hy ophou om Lid te wees van Bosveld Jagters;

15.7.2.2 Hy deur ‘n hof as geestesongesteld verklaar word;

15.7.2.3 Hy onbevoeg is of onbevoeg verklaar word om ‘n vuurwapen te besit;

15.7.2.4 Onwillig is of nie oor die vermoë beskik om sy bestuursfunksies te vervul nie.

15.7.2.5 Hy skuldig bevind is aan ‘n oortreding nadat die proses, soos bepaal in Aanhangsel A, voltooi is en die Uitvoerende Bestuur die ontheffing goedgekeur het:

15.7.2.6 ‘n Mosie van wantroue teen sodanige Lid ingedien word deur 40% of meer van die Lede van die Tak of die meerderheid Lede van die Tak Bestuur of die meerderheid Lede van die Uitvoerende Bestuur, hetsy by wyse van ondertekende petisie of stemming.

15.7.3 ‘n Tak Dagbestuurslid sal deur die Tak Bestuur of die Uitvoerende Bestuur uit sy/haar amp onthef word indien:

15.7.3.1 Hy gesekwestreer word.

15.7.3.2 Hy onbevoeg verklaar is om as direkteur van ‘n maatskappy aangestel te kan word en op te tree;

15.7.4 Die Tak Dagbestuur sal so spoedig moontlik iemand tydelik koöpteer om in ‘n vakante bestuurspos waar te neem tot en met die volgende Tak Bestuursvergadering, waarna die Tak Bestuur dit sal bekragtig of iemand anders sal koöpteer.

15.7.5 Indien ‘n mosie van wantroue teen ‘n Tak Bestuur ingedien word deur 40% of meer van die Lede van die Tak, hetsy by wyse van ondertekende petisie of stemming, word dit onverwyld verwys na die Uitvoerende Bestuur deur die Tak Voorsitter.

15.7.5.1 Die Uitvoerende Bestuur sal die saak onmiddellik ondersoek en indien daar meriete daarin is, sal die betrokke Tak Bestuur onmiddellik van hul verpligtinge onthef word deur die Uitvoerende Bestuur.

15.7.5.2 Die Uitvoerende Bestuur sal dan ‘n tussentydse bestuur aanstel om die Tak te bestuur.

15.7.5.3 Die Uitvoerende Bestuur sal binne 90 (negentig) dae ‘n herverkiesing van ‘n nuwe Tak Bestuur reël by wyse van ‘n Spesiale Tak Ledevergadering.

15.7.6 Enige Lid wat ‘n probleem ervaar, klagte wil indien of enige sake van belang onder die aandag van Bosveld Jagters wil bring, dien dit skriftelik by sy Tak Bestuur in soos bepaal in Aanhangsel A.

15.7.7 Enige Lid of Tak kan appelleer teen ‘n bevinding van die Tak Bestuur of die Uitvoerende Bestuur. Die appél sal hanteer word kragtens die bepalings in Art. 19.2.7, Art 23.2, Art 23.3 en Aanhangsel A.

## 16 UITVOERENDE AMPSDRAERS

16.1 Die Uitvoerende Ampsdraers word vir ‘n termyn van twee (2) jaar verkies of gekoöpteer of aangewys.

16.2 Verkiesing, koöptering en aanwysing van Uitvoerende Ampsdraers:

16.2.1 Nominasies vir die verkiesing van Uitvoerende Ampsdraers moet skriftelik ingedien word by die Uitvoerende Sekretaris 28 (agt en twintig) dae voor die verkiesing.

16.2.2 Die Lede van Bosveld Jagters verkies op ‘n Algemene Uitvoerende Jaarvergadering die Uitvoerende Dagbestuur wat die volgende ampte sal beklee:

16.2.2.1 President.

16.2.2.2 Uitvoerende Voorsitter.

16.2.2.3 Uitvoerende Ondervoorsitter

16.2.2.4 Uitvoerende Tesourier.

16.2.2.5 Uitvoerende Sekretaris.

16.2.3 Die Takke se onderskeie Koördineerders nomineer uit die geledere van die Tak Koördineerders die persone wat deur die Uitvoerende Bestuur gekoöpteer kan word as die Uitvoerende Koördineerders wat die volgende ampte sal beklee:

16.2.3.1 Uitvoerende Koördineerder – Opleiding.

16.2.3.2 Uitvoerende Koördineerder – Bemarking.

16.2.3.3 Uitvoerende Koördineerder – Jag en Bewaring.

16.2.3.4 Uitvoerende Koördineerder – Sportskiet.

16.2.4 Die Uitvoerende Bestuur kan nog addisionele Lede as Organiseerders aanwys om Koördineerders in hul taak by te staan.

16.2.5 Die Vise-Presidente sal tydens die Bosberaad aangewys word en sal:

16.2.5.1 'n Maksimum van vier (4) Vise-Presidente wees;

16.2.5.2 Vir 'n termyn van twee (2) jaar in die amp dien.

16.2.6 Die Uitvoerende Ampsdraers van Bosveld Jagters voer die besluite van die Uitvoerende Bestuur uit rakende die Sake van Gemeenskaplike Belang.

16.2.7 Die nominasie van persone om as Uitvoerende Ampsdraers verkies te kan word vind plaas deur middel van die nominasieproses soos vervat in Art. 16.2.1, Art. 21.1, Art 21.2 en Aanhangsel D.

16.2.8 Die President en Vise-Presidente is Ampsdraers sonder stemreg in die Uitvoerende Bestuur.

16.2.9 Die President en Vise-Presidente tree in 'n adviserende hoedanigheid op en vorm die kern van die Advieskomitee van Bosveld Jagters soos vervat in Art. 19.

16.3 Die pligte van die Uitvoerende Ampsdraers is vervat in Aanhangsel C.

16.4 Sanksies:

16.4.1 'n Uitvoerende Ampsdraer kan deur die Uitvoerende Bestuur uit sy amp onthef word indien:

16.4.1.1 Hy vir 'n tydperk van drie (3) maande of langer uit sy amp afwesig is en sodoende nie sy werksaamhede kan uitvoer nie;

16.4.1.2 Hy nie ten minste 66% van Uitvoerende Bestuursvergaderings per jaar bywoon nie;

16.4.1.3 'n Klagte teen 'n Ampsdraer ingedien word deur 'n ander Lid of 'n Tak Bestuur of die Uitvoerende Bestuur.

16.4.2 'n Uitvoerende Ampsdraer sal deur die Uitvoerende Bestuur uit sy amp onthef word indien:

16.4.2.1 Hy ophou om Lid te wees van Bosveld Jagters;

16.4.2.2 Hy deur 'n hof as geestesongesteld verklaar word;

16.4.2.3 Hy onbevoeg is of onbevoeg verklaar word om 'n vuurwapen te besit;

16.4.2.4 Onwillig is of nie oor die vermoë beskik om sy bestuursfunksies te vervul nie.

16.4.2.5 Hy skuldig bevind is aan 'n oortreding nadat die proses, soos bepaal in Aanhangsel A, voltooi is en die Uitvoerende Bestuur die ontheffing goedgekeur het:

16.4.2.6 'n Mosie van wantroue teen 'n Uitvoerende Ampsdraer ingedien word deur 40% of meer van die Lede van Bosveld Jagters of die meerderheid Lede van die Uitvoerende Bestuur, hetsy by wyse van ondertekende petisie of stemming.

16.4.3 ‘n Lid van die Uitvoerende Dagbestuur sal deur die Uitvoerende Bestuur uit sy/haar amp onthef word indien:

16.4.3.1 Hy gesekwestreer word:

16.4.3.2 Hy onbevoeg verklaar is om as direkteur van ‘n maatskappy aangestel te kan word en op te tree;

16.4.4 Die Uitvoerende Dagbestuur sal so spoedig moontlik iemand tydelik koöpteer om in ‘n vakante bestuurspos waar te neem tot en met die volgende Uitvoerende Bestuursvergadering, waarna die Uitvoerende Bestuur dit sal bekragtig of iemand anders sal koöpteer.

16.4.5 Enige Uitvoerende Ampsdraer kan appelleer teen ‘n bevinding van die Uitvoerende Bestuur. Die appél sal hanteer word kragtens die bepalings van Art. 19.2.7, Art. 23.2, Art 23.3 en Aanhangsel A.

## 17 UITVOERENDE WERKNEMERS VAN BOSVELD JAGTERS

17.1 Die Uitvoerende Bestuur kan Uitvoerende Werknemers indiens neem en ontslaan.

17.2 Die Uitvoerende Werknemers van Bosveld Jagters is nie Ampsdraers nie.

17.3 Uitvoerende Werknemers moet Lede wees en het sitting in Uitvoerende Bestuursvergaderings maar het geen stemreg nie.

17.4 Indien ‘n Uitvoerende Werknemer ‘n Lid is van Bosveld Jagters sal sodanige Lid stemreg hê in ‘n Algemene Uitvoerende Jaarvergadering, ‘n Spesiale Algemene Uitvoerende vergadering, die Bosberaad en ‘n Algemene Tak Jaarvergadering.

17.5 Die proses van aanstelling van werknemers deur die Uitvoerende Bestuur en Takbesture is volledig vervat in Aanhangsel C.

## 18 DIE UITVOERENDE BESTUUR

18.1 Die Uitvoerende Bestuur is naas die Algemene Uitvoerende Jaarvergadering die hoogste besluitnemende gesag in Bosveld Jagters ten op sigte van Sake van Gemeenskaplike Belang.

18.2 Die Uitvoerende Bestuur sal in die algemeen Bosveld Jagters verteenwoordig om namens en ten behoewe van Bosveld Jagters op te tree en om verder gevolg te gee aan die doelstellings en funksies van Bosveld Jagters soos in hierdie Grondwet vervat.

18.3 Samestelling van die Uitvoerende Bestuur:

18.3.1 Die Uitvoerende Bestuur word saamgestel uit die Uitvoerende Ampsdraers en die Tak Besture se afgevaardigdes soos bepaal in Art 5.1.59.

18.3.2 Ná die verkiesing van die Uitvoerende Ampsdraers moet ‘n Uitvoerende Bestuursvergadering geskeduleer word, wat binne negentig (90) dae vanaf die Algemene Uitvoerende Jaarvergadering plaasvind, en daarna op datums en tye soos bepaal deur die Uitvoerende Voorsitter in oorleg met die Uitvoerende Bestuur.

18.4 Uitvoerende Bestuursvergaderings:

18.4.1 Die Uitvoerende Bestuur moet ten minste twee (2) Uitvoerende Bestuursvergaderings per jaar hou.

18.4.2 Tydens ‘n Uitvoerende Bestuursvergadering sal slegs die Ampsdraers soos gemeld in Art. 16.2.2.3 tot Art. 16.2.2.5 en Art. 16.2.3.1 tot Art. 16.2.3.4 of sy Verteenwoordiger en elke Tak Voorsitter of sy Verteenwoordiger een stem hê, met die Uitvoerende Voorsitter wat ‘n beslissende stem, in geval van ‘n staking van stemme, sal hê.

18.4.3 By alle Uitvoerende Bestuursvergaderings sal ‘n kworum 50% plus + een (1) van die Uitvoerende Bestuurslede wees.

18.4.4 Besluitneming vir sake bespreek op so ‘n vergadering sal geskied by wyse van ‘n gewone meerderheid van 50% plus een (1) Lede teenwoordig.

18.4.5 By alle sodanige Uitvoerende Bestuursvergaderings kan stemming oor enige besluit geskied by wyse van hande opsteek of elektronies per internet of per geslote stembriewe.

18.4.6 ‘n Gewone meerderheid van stemme is nodig om ‘n voorstel goed te keur.

18.4.7 Die Uitvoerende Bestuur moet jaarliks ‘n Bosberaad vir Lede skeduleer wat gedurende Januarie gehou sal word. Die Lede teenwoordig by die Bosberaad het die volgende magte:

- 18.4.7.1 Lede teenwoordig vorm ‘n kworum.
- 18.4.7.2 Alle stemgeregtigde Lede teenwoordig het stemreg.
- 18.4.7.3 Besluite word geneem op die basis van konsensus of met ‘n meerderheid van stemme.
- 18.4.7.4 Aktuele sake van belang vir Bosveld Jagters word bespreek, beplan en saamgevat in aanbevelings aan die Uitvoerende Bestuur, Tak Besture en die Algemene Uitvoerende Jaarvergadering.
- 18.4.7.5 Bepaal en keur die Lidmaatskapfooi goed vir die volgende finansiële jaar.
- 18.4.7.6 Finaliseer die begroting vir die volgende finasiële jaar.
- 18.4.7.7 Keur die begroting goed vir die volgende finansiële jaar.
- 18.4.7.8 Wys die Vise-Presidente aan kragtens Art. 16.2.5.

18.4.8 Die prosedures wat gevolg moet word in enige Uitvoerende Bestuursvergaderings is volledig vervat in Aanhangsel D.

18.4.9 Die Uitvoerende Bestuur sal:

- 18.4.9.1 Toesien dat alle besluite rakende Sake van Gemeenskaplike Belang geneem, uitgevaardig en uitgevoer word.
- 18.4.9.2 Toesien dat alle bestuursbesluite so spoedig moontlik aan alle Takke deurgegee word.
- 18.4.9.3 Wysigings aan die Grondwet van Bosveld Jagters hanteer word soos bepaal in Art. 11.2, Art. 20.1.4.4, Art 20.1.7 en Art. 21.4.

18.4.9.4 Wysigings aan die Beleidskrifte en Prosedures asook Kompetisiereëls van Bosveld Jagters hanteer word soos bepaal in Art 12.3, Art 12.4 en Aanhangsel D.

18.4.9.5 Toesien dat die Algemene Uitvoerende Jaarvergadering jaarliks voor 30 November gehou word.

18.4.9.6 Die Ampsdraers koöpteer kragtens Art. 16.2.3.

18.4.9.7 Nominasies vir toekennings aan Lede vanaf Takke en die Uitvoerende Bestuur deurgee aan die Advieskomitee vir evaluering en aanbeveling.

18.4.9.8 Toekennings aan Lede ratifiseer op aanbeveling van die Advieskomitee.

18.4.9.9 Regsgedinge instel en verdedig vir en ten behoewe van Bosveld Jagters.

18.4.9.10 Toesien dat Bosveld Jagters bestuur word ooreenkomstig gesonde korporatiewe bestuurspraktyke, die bepalings van die Grondwet van Bosveld Jagters en die Beleidskrifte en Prosedures soos vervat in die Aanhangsels.

18.4.9.11 ‘n Ouditeur aanbeveel om die finansiële state te hersien.

18.4.9.11.1 Die aangewese ouditeur sal:

18.4.9.11.1.1 Toegang en insae hê in alle rekords, dokumente, gelde, fondse, eiendom en bates van Bosveld Jagters ten einde sy pligte uit te voer; en

18.4.9.11.1.2 binne twee (2) maande ‘n volledige verslag aanbied vir voorlegging aan die Uitvoerende Bestuur asook die Algemene Uitvoerende Jaarvergadering.

18.4.9.12 Die President en twee (2) Uitvoerende Bestuurslede afvaardig om Bosveld Jagters by ander vergaderings van ander organisasies of geleenthede te verteenwoordig.

18.4.9.13 Indien die President nie beskikbaar is nie sal ‘n Vise-President hom verteenwoordig.

18.4.9.14 Alle Uitvoerende Bestuurslede moet ten minste twee (2) (66%) Uitvoerende Bestuursvergaderings per jaar bywoon.

18.4.10 Elke Uitvoerende Bestuurslid sal te alle redelike tye:

18.4.10.1 ‘n aanvaarbare hoë mate van etiek handhaaf en dienooreenkomstig optree;

18.4.10.2 alle bronne van Bosveld Jagters ekonomies en op die mees effektiewe wyse aanwend en gebruik;

18.4.10.3 sy dienste onpartydig, onafhanklik en sonder enige bevoordeling of vooroordele en in belang van al die Lede van Bosveld Jagters uitoefen;

18.4.10.4 omsien na die behoeftes van die Lede en hulle te alle redelike tye dien en motiveer om aktief betrokke te raak by die aktiwiteite en werksaamhede van Bosveld Jagters;

18.4.10.5 goeie menslike hulpbronbestuur toepas; en

18.4.10.6 met die nodige ywer, sorgsaamheid en kundigheid optree wat van ‘n persoon in ‘n vertrouensposisie verwag kan word.

18.4.11 Alle uitgawes wat aangegaan word, moet:

18.4.11.1 redelik en billik wees;

18.4.11.2 in belang van Bosveld Jagters wees;

18.4.11.3 deur die Uitvoerende Tesourier en die Uitvoerende Voorsitter goedgekeur word.

18.4.12 Die Uitvoerende Voorsitter kan enige taak, funksie of werksaamheid aan enige van die Uitvoerende Bestuurslede of subkomitees delegeer.

18.4.13 Die Uitvoerende Bestuur het die mag om subkomitees vir enige spesiale doel aan te stel en om aan sulke komitees magte te delegeer soos wat nodig geag mag word en wat aan die Uitvoerende Bestuur terug rapporteer. Lede van subkomitees hoef nie noodwendig Lede van die bestuur te wees nie en is nie Ampsdraers nie.

18.4.14 ‘n Lid van Bosveld Jagters het toegang tot alle rekords van Bosveld Jagters wat insluit maar nie beperk is nie tot bankstate, finansiële state, notules, beleidsdokumente en argiewe.

18.4.15 Die Uitvoerende Dagbestuur:

18.4.15.1 Die samestelling van die Uitvoerende Dagbestuur word bepaal in Art. 5.1.60 en Art. 16.2.2.

18.4.15.2 Indien die Uitvoerende Voorsitter bepaal dat ‘n noodbesluit geneem moet word, sal die Uitvoerende Dagbestuur ‘n besluit neem op ‘n wyse wat die Voorsitter as geskik ag.

18.4.15.3 ‘n Kworum vir die Uitvoerende Dagbestuur is ‘n minimum van drie (3) Lede.

18.4.15.4 Besluitneming sal geskied by wyse van meerderheidstemme van 50% plus een (1) teenwoordig.

18.4.15.5 Alle besluite van die Uitvoerende Dagbestuur sal genotuleer word.

18.4.15.6 Op die daaropvolgende Uitvoerende Bestuursvergadering sal die Dagbestuursbesluite op die agenda geplaas word vir goedkeuring, genotuleer word en dan goedgekeur of gewysig word.

18.4.15.7 Die prosedures wat gevolg moet word is volledig vervat in Aanhangsel D.

## 19 DIE ADVIESKOMITEE

19.1 Die advieskomitee sal bestaan uit:

19.1.1 Die President;

19.1.2 Die Uitvoerende Voorsitter;

19.1.3 Al die vise-presidente;

19.1.4 Die Uitvoerende Ondervoorsitter;

19.1.5 Die Uitvoerende Sekretaris;

19.1.6 Die Uitvoerende Tesourier;

19.1.7 Addisionele Lede volgens behoefte.

19.2 Magte van die Advieskomitee.

19.2.1 Die advieskomitee sal alleenlik adviserende magte hê met geen uitvoerende magte.

19.2.2 Die Advieskomitee sal nie gereeld vergader nie maar sal op versoek van die President of die Uitvoerende Voorsitter of die Uitvoerende Bestuur of ‘n Takbestuur vergader om enige aangeleentheid te oorweeg en advies ten op sigte van sodanige aangeleentheid te gee.

19.2.3 Enige Lid kan deur die President of die Uitvoerende Voorsitter op ‘n ad hoc basis gekoöpteer word op die Advieskomitee om insette rakende ‘n speifieke kwessie te lewer.

19.2.4 Sodanige Lid kwalifiseer nie as ‘n Ampsdraer nie.

19.2.5 Alle Lede van die Advieskomitee het stemreg in ‘n Advieskomitee vergadering.

19.2.6 Die Advieskomitee sal alle nominasies vir toekennings evalueer en finale bevindings en aanbevelings maak aan die Uitvoerende Bestuur vir ratifisering.

19.2.7 Die Advieskomitee sal alle appélle evalueer en finale bevindings en aanbevelings maak aan die Uitvoerende Bestuur vir ratifisering.

19.2.8 Die bevindings en aanbevelings van die advieskomitee in Art. 19.2.6 en Art. 19.2.7 is finaal en geen korrespondensie sal gevoer word nie.

19.3 Notule sal gehou word van alle vergaderings.

## 20 UITVOERENDE LEDEVERGADERINGS

20.1 Algemene Uitvoerende Jaarvergadering.

20.1.1 Die Algemene Uitvoerende Jaarvergadering van Bosveld Jagters sal gehou word op ‘n plek en op ‘n datum soos deur die Uitvoerende Bestuur besluit, maar nie later as 30 November van elke jaar nie.

20.1.2 Lede sal skriftelik of elektronies in kennis gestel word, minstens een en twintig (21) dae voor die datum waarop die algemene jaarvergadering gehou sal word.

20.1.3 ‘n Kworum vir ‘n Algemene Uitvoerende Jaarvergadering van Bosveld Jagters is ten minste 30 stemgeregtigde Lede.

20.1.4 Die volgende sake moet op ‘n Algemene Uitvoerende Jaarvergadering se agenda aangedui word:

20.1.4.1 Sake voortspruitend uit die notule van die vorige Algemene Uitvoerende Jaarvergadering;

20.1.4.2 Voorstelle vanaf die Uitvoerende Bestuur ten opsigte van sake van gemeenskaplike belang.

20.1.4.3 Verkiesing van Uitvoerende Ampsdraers (elke tweede jaar);

20.1.4.4 Voorgestelde wysigings aan die Grondwet;

20.1.4.5 Terugvoer oor goedgekeurde wysigings aan die Beleidskrifte en Prosedures asook Kompetisiereëls;

20.1.4.6 Jaarverslae vanaf alle Uitvoerende Ampsdraers;

20.1.4.7 Takke se jaarverslae oor hul werksaamhede en funksionering;

20.1.4.8 Goedkeuring van die Hersiene Finansiële verslag van die vorige finansiële jaar.

20.1.4.9 Terugvoer oor die aanstelling van Uitvoerende Werknemers.

20.1.5 Elke opbetaalde Lid het stemreg by ‘n Algemene Uitvoerende Jaarvergadering.

20.1.6 In die geval van ‘n gelykop stemming sal die voorsitter ‘n beslissende stem hê.

20.1.7 Enige veranderings aan die Grondwet tydens ‘n Spesiale Algemene Uitvoerende Vergadering of ‘n Algemene Uitvoerende Jaarvergadering vereis ‘n twee-derde meerderheid van stemme.

20.1.8 Stemming tydens ‘n Algemene Uitvoerende Jaarvergadering of Spesiale Algemene Uitvoerende Vergadering kan by wyse van ‘n stembrief of elektronies of met die opsteek van hande geskied.

20.1.9 Die uitslag van alle stemmery tydens ‘n Algemene Uitvoerende Jaarvergadering of Spesiale Algemene Uitvoerende Vergadering moet deur die Uitvoerende Sekretaris, Uitvoerende Tesourier en die Uitvoerende Voorsitter geverifieer word, voordat dit bekend gemaak word.

20.1.10 Agendapunte vir bespreking op 'n vergadering moet nie later as een en twintig (21) dae voor die vergadering aan die Uitvoerende Sekretaris deurgegee word sodat dit betyds aan almal gesirkuleer kan word en almal genoeg tyd het om daarvoor voor te berei en insette te sirkuleer.

20.1.11 Agendapunte vir bespreking moet vergesel word van 'n kort en bondige uiteensetting waaroor die agendapunt handel met 'n voorgestelde mosie wat voorgehou gaan word by die vergadering.

20.2 Spesiale Algemene Uitvoerende Vergadering.

20.2.1 Die Uitvoerende Bestuur is daartoe verplig, indien dertig (30) stemgeregtigde Lede hulle skriftelik sodanig versoek, om met minstens sewe (7) dae skriftelike of elektroniese kennisgewing ‘n Spesiale Algemene Uitvoerende Vergadering te belê.

20.2.2 Die doel van die vergadering moet duidelik in die versoekskrif uiteengesit word.

20.2.3 Die bepalings betreffende ‘n Algemene Uitvoerende Jaarvergadering sal mutatis mutandis op alle Spesiale Algemene Uitvoerende Vergaderings van toepassing wees.

20.2.4 Slegs sake wat vooraf skriftelik versoek en op die agenda van die vergadering geplaas is sal hanteer word.

20.2.5 ‘n Agenda wat die sake vir bespreking bevat moet die kennisgewing van die vergadering vergesel.

## 21 ALGEMENE BEPALINGS TOV ALLE VERGADERINGS VAN BOSVELD JAGTERS

21.1 Op enige vergadering van Bosveld Jagters kan stemming, of by wyse van die opsteek van hande of elektronies of by wyse van geslote stembriewe geskied.

21.2 Alle besluite en stemmings moet genotuleer word en uitslae van stemmings moet bewaar word.

21.3 ’n Voorsitter mag nie ’n voorstel indien nie.

21.4 Voorstelle vir wysiging van die Grondwet of goedkeuring van finansiële state sal alleen toegelaat word mits kennisgewing van sodanige wysiging aan al die Lede van Bosveld Jagters gegee is minstens een-en-twintig (21) dae voor die datum van sodanige vergadering. Die kennisgewing kan skriftelik of elektronies en met plasing op die webblad geskied.

21.5 Wanneer daar nie voldoende Lede teenwoordig is vir ‘n kworum nie sal die betrokke vergadering uitgestel word om binne veertien (14) dae plaas te vind en die Lede teenwoordig sal die plek, datum en tyd bepaal.

21.6 Daar moet ten minste sewe (7) dae skriftelik kennis gegee word van die nuwe plek, datum en tyd.

21.7 Die Lede wat dan by daardie hergeskeduleerde vergadering opdaag sal ‘n kworum vorm.

21.8 ‘n Lid mag skriftelik volmag verleen aan slegs een ander opbetaalde Lid om namens hom/haar te stem indien hy/sy nie ‘n vergadering kan bywoon nie.

21.9 ‘n Lid mag slegs een Volmaggewer verteenwoordig in ‘n vergadering.

21.10 Nominasies vir die verkiesing van Ampsdraers, Uitvoerend en Tak, moet skriftelik wees en onderteken wees deur die genomineerde Lid, die nomineerder en ‘n sekondant.

21.11 Die bepaling van Art 21.10 is nie van toepassing by koöptering of aanwysing van ‘n Ampsdraer nie.

21.12 Indien ‘n voorsitter nie die vergadering kan bywoon nie sal die Ondervoorsitter in die amp optree.

21.13 Enige Lid mag sewe (7) dae voor ‘n Uitvoerende Bestuursvergadering of Tak Bestuursvergadering skriftelik aansoek doen om sodanige vergadering by te woon om ‘n inset te lewer ten op sigte van ‘n nuwe saak of ‘n spesifieke punt op die agenda. Nadat die vergadering die spesifieke aangeleentheid of punt op die agenda eerste hanteer het sal die Lid verskoon word.

21.14 Enige Bestuurslid is verplig om konflik van belange te verklaar voordat die vergadering ‘n aanvang neem. Wanneer sodanige punt onder bespreking kom mag die betrokke Lid nie deelneem aan die vergadering nie.

## 22 FINANSIëLE BEPALINGS

22.1 Bosveld Jagters en die Takke se finansiële jaar sal elke jaar op 28 Februarie eindig.

22.2 Alle uitbetalings sal sovêr moontlik per internet / elektronies geskied.

22.3 Die Uitvoerende Voorsitter en Uitvoerende Tesourier bly beide aanspreeklik vir alle transaksies wat deur Bosveld Jagters op Uitvoerende vlak gedoen word.

22.4 Die Tak Voorsitter en Tak Tesourier bly beide aanspreeklik vir alle transaksies wat deur Bosveld Jagters op Tak vlak gedoen word.

22.5 Geen EFT of enige ander vorm van betaling kan sonder twee (2) gemagtigde handtekeninge gedoen word nie.

22.6 Alle borgskappe wat deur Bosveld Jagters as borg oorweeg word moet in die begroting aangedui word en deur die Algemene Uitvoerende Jaarvergadering goedgekeur word.

22.7 Alle nasionale bates (uitgesluit die bates van die Takke) sal behoort aan Bosveld Jagters en sal deur die Uitvoerende Bestuur in trust gehou word ten behoewe van al die Lede.

22.8 Bosveld Jagters kan nie enige nasionale bates verkoop of nuwe bates aankoop tensy dit op 'n Uitvoerende Bestuursvergadering of 'n Algemene Uitvoerende Jaarvergadering of op 'n Spesiale Algemene Uitvoerende Vergadering goedgekeur is nie.

22.9 Die Uitvoerende Bestuur is gemagtig om die nasionale fondse en bates van Bosveld Jagters te gebruik en aan te wend vir die doelstellings en voordeel van Bosveld Jagters en sy Lede.

## 23. BESKERMING VAN REGTE

23.1. Enige Lid kan daarop aanspraak maak dat sy regte nie aangetas word nie deur regverdige en billike administratiewe bestuur en besluitneming en dat die Grondwet, Beleidskrifte en Prosedures asook Kompetisiereëls van Bosveld Jagters en sy betrokke Tak onpartydig, reg en billik toegepas word.

23.2. Enige Lid mag te enige tyd sy Tak Bestuur skriftelik in kennis stel indien sy regte deur enige besluit of optrede geaffekteer, benadeel of geskaad word met volledige besonderhede daarvan.

23.3. Enige appél sal na die Advieskomitee verwys word vir aanbeveling aan die Uitvoerende Bestuur.

## 24 DISSIPLINêRE OPTREDE

24.1 Die optrede en gedrag van alle Lede en besture van Bosveld Jagters, sal onderhewig wees aan die bepalings van die Dissiplinêre Kode en Klagteprosedure van Bosveld Jagters soos breedvoerig omskryf in **Aanhangsel A** hierby aangeheg.

24.2 Enige dissiplinêre optrede sal slegs volgens die bepalings van die Grondwet en Aanhangsel A hanteer word.

24.3 'n Lid wat deur 'n strafhof skuldig bevind word aan 'n wesenlike kriminele oortreding en welke oortreding in stryd is met Bosveld Jagters se doelstellings, is nie geskik vir enige amp in 'n Tak Bestuur of Uitvoerende Bestuur nie en mag dan ook nie op sodanige besture dien nie.

## 25 JURISDIKSIE

25.1 Hierdie Grondwet van Bosveld Jagters- en Wildbewaringsvereniging is onderhewig aan die wetgewing van die Republiek van Suid Afrika.

## 26 ALGEMEEN

26.1 Bosveld Jagters kan te enige tyd beëindig en ontbind word of omskep word of saamsmelt met enige ander vereniging of organisasie met 'n soortgelyke doelstelling by wyse van 'n twee-derde meerderheidstem op 'n Algemene Uitvoerende Jaarvergadering of Algemene Spesiale Uitvoerende Vergadering indien:

26.1.1 Enige hof so sou gelas of;

26.1.2 Indien Bosveld Jagters dormant sou raak of;

26.1.3 Indien Bosveld Jagters nie meer in staat is om sy doelstellings te kan vervul nie.

26.2 Die vereiste kworum vir so 'n vergadering om die besluit te kan neem is veertig persent (40%) van alle opbetaalde Lede van Bosveld Jagters.

26.3 Die kennisgewing van sodanige vergadering moet minstens 21 (een en twintig) dae wees.

26.4 In geval van 'n samesmelting van Bosveld Jagters met 'n ander soortgelyke organisasie, sal al die bates en laste van Bosveld Jagters aanwas by die nuwe organisasie.

26.5 By beëindiging en ontbinding van Bosveld Jagters, sal die bates van Bosveld Jagters deur die Uitvoerende Bestuur geskenk word aan 'n soortgelyke organisasie of die bates sal tegelde gemaak word en die kontant geskenk word aan 'n soortgelyke organisasie.

26.6 Enige Tak wat die bondgenootskap van Bosveld Jagters wil verlaat om by 'n ander organisasie aan te sluit moet die besluit neem op 'n Algemene Tak Jaarvergadering of 'n Spesiale Algemene Tak Vergadering en moet aan al die volgende vereistes voldoen alvorens sodanige mosie kan dien:

26.6.1 Geen gelde wat aan die Uitvoerende Bestuur verskuldig is mag uitstaande wees nie.

26.6.2 Sestig (60) dae kennis moet gegee word van die vergadering met uitdruklike kennisgewing van die voorneme om Bosveld Jagters te verlaat.

26.6.3 Stemming geskied slegs per geslote stembrief.

26.6.4 Veertig present (40%) opbetaalde Lede van die Tak moet teenwoordig wees om 'n kworum te vorm.

26.6.5 'n Twee-derde meerderheid word vereis vir goedkeuring van die besluit.

26.7 Indien al die vereistes soos vervat in Art. 26.6 hierbo nagekom is, mag die Tak onttrek aan die bondgenootskap en sy bates behou.

26.8 Indien 'n Tak se voortbestaan beëindig word en die Tak word ontbind sal die vereistes soos vervat in Art. 26.6.2 tot Art. 26.6.5 van toepassing wees maar in hierdie geval sal die redes vir ontbinding duidelik uiteengesit word. Die Tak se bates sal in sodanige geval dan Bosveld Jagters toeval as deel van die nasionale bates.

**Aanhangsel A**

# DISSIPLINÊRE KODE EN KLAGTEPROSEDURE

## 1. AANSLUITING

1.1. Aanhangsel A vind in die algemeen aansluiting by die gees en bedoeling van die Grondwet van Bosveld Jagters en meer spesifiek by die volgende Artikels daarvan:

1.1.1. Art. 5.
1.1.2. Art. 8.2.
1.1.3. Art. 9.1.
1.1.4. Art. 12.
1.1.5. Art. 14.6.3.8.
1.1.6. Art. 15.7.2.5.
1.1.7. Art. 15.7.6.
1.1.8. Art. 15.7.7.
1.1.9. Art. 16.4.2.5.
1.1.10. Art. 16.4.5.
1.1.11. Art. 19.2.5.
1.1.12. Art. 23.
1.1.13. Art. 24.
1.1.14. Art. 25.

## 2. BELEID

2.1. Enige Lid, Bestuurslid of Bestuur van Bosveld Jagters kan 'n klagte indien of 'n dispuut verklaar teen enige ander Lid, Bestuurslid, Bestuur of Tak van Bosveld Jagters ten opsigte van 'n oortreding soos bedoel in Klousule 3 hieronder.

2.2. Enige klagte of dispuut wat tussen Lede en/of Takke mag ontstaan moet d.m.v. mediasie of 'n dissiplinêre verhoor hanteer word.

2.3. 'n Klagte of dispuut soos bedoel in Klousule 3 hieronder moet binne 'n redelike tyd ná die datum van die beweerde oortreding of gebeure (maar nie later nie as dertig [30] dae ná dié datum waarop dit gebeur of bekend raak), skriftelik by die Tak Dagbestuur of die Uitvoerende Dagbestuur ingedien word.

2.4. Indien 'n Lid of 'n Tak meer as een skriftelike waarskuwing binne 'n tydperk van twaalf (12) maande ontvang, word dit na die Uitvoerende Bestuur vir verdere hantering en besluitneming verwys.

2.5. Die Tak Dagbestuur of die Uitvoerende Dagbestuur of die Dissiplinêre Komitee mag, indien hulle van oordeel is dat 'n klagte of dispuut op 'n onbenulligheid of 'n nietigheid neerkom of indien daar na hul oordeel onvoldoende grondige rede is om die Lid of Tak dissiplinêr aan te kla, weier om daarmee voort te gaan.

2.6. Enige aangeleentheid ten opsigte van die dissipline van Bosveld Jagters wat nie in hierdie kode gereël is nie, word oorgelaat aan die diskresie van die Tak Dagbestuur of die Uitvoerende Dagbestuur.

2.7. Die Dissiplinêre Komitee se besluite sal by wyse van 'n meerderheid van stemme van die drie (3) Voorsittende Beamptes geneem word.

2.8. Die gewone beginsels en reëls van die Bewysreg is van toepassing by die beoordeling van getuienis.

2.9. Die aangeklaagde is verantwoordelik vir al sy eie kostes wat voortspruit uit die klagte en die verweer daarvan.

2.10. 'n Aangeklaagde mag deur 'n mede-Lid of regsverteenwoordiger tydens 'n dissiplinêre verhoor verteenwoordig word.

2.11. Daar kan 'n negatiewe afleiding teen 'n Aangeklaagde gemaak kan word vir sy versuim om nie persoonlik te verskyn en sy getuienis mondelings te lewer nie.

2.12. Waar die Aangeklaagde 'n Tak is, sal sodanige Tak daarop geregtig wees om twee (2) verteenwoordigers, wat volopbetaalde Lede is, af te vaardig om voor die dissiplinêre komitee te verskyn namens die Tak. By gebreke daaraan sal die betrokke Tak Voorsitter voor die dissiplinêre komitee verskyn.

2.13. Waar 'n Lid van die Dissiplinêre Komitee gedurende sy termyn bedank, sal die betrokke Bestuur 'n plaasvervanger nomineer en aanstel.

2.14. Die nie-nakoming van enige prosedurele voorskrif of tydgrens hierin vervat, sal nie die geldigheid van die verrigtinge affekteer nie.

2.15. Die Uitvoerende Bestuur kan na goeddunke te eniger tyd enige inligting ten opsigte van die beweerde pleging van 'n misdryf deur enige Lid van Bosveld Jagters aan die Suid-Afrikaanse Polisiediens of die toepaslike natuurbewaringsowerhede oorhandig vir ondersoek en vervolging in 'n geregshof en kan te eniger tyd daarna 'n ondersoek na beweerde wangedrag teen so 'n Lid ingevolge hierdie kode laat instel.

2.16. Dissiplinêre verhore vind in kamera plaas.

2.17. Die Dissiplinêre Komitee bestaan uit vier (4) Lede waarvan een (1) van die Lede sal optree as aanklaer terwyl die ander drie (3) die saak aanhoor as die Voorsittende Beamptes. Een (1) van die Voorsittende Beamptes sal optree as Sameroeper van die Dissiplinêre Komitee.

2.18. Alle getuienis afgelê tydens 'n dissiplinêre verhoor sal onder eed afgelê word tensy 'n getuie geloofsbeswaar daarteen het, in welke geval die getuienis as die waarheid bevestig sal word.

2.19. Ten minste een (1) van die Voorsittende Beamptes moet volledig notule hou van die getuienis wat tydens die verhoor gelei word.

2.20. 'n Bestuur kan 'n klagte of dispuut terugverwys na die Dissiplinêre Komitee vir verdere ondersoek en aanbeveling indien nuwe getuienis aangebied word deur die Klaer of Aangeklaagde.

## 3. OORTREDINGS

3.1. ‘n Lid en/of Tak van Bosveld Jagters begaan ‘n oortreding indien hy:

3.1.1. Wesentlike wangedrag en/of onetiese gedrag openbaar en/of wesentlike wanvoorstelling pleeg wat insluit maar nie beperk is tot:

3.1.1.1. Skuldig bevind word deur ‘n hof aan ‘n oortreding wat die doelstellings en integriteit van Bosveld Jagters aantas en/of Bosveld Jagters en sy Lede se beeld kan benadeel.

3.1.1.2. Oortreding van enige gedeelte van die Wet op Vuurwapens of regulasies.

3.1.1.3. Oortreding van enige wetgewing rakende die bewaring van fauna en flora of onwettige jag van enige dier.

3.1.1.4. ‘n Gemeenregtelike of statutêre misdryf pleeg wat op enige wyse verband hou met die bedrywighede van Bosveld Jagters of wat dit in gedrang bring.

3.1.1.5. Hom skuldig maak aan ‘n handeling wat nadelig is vir Bosveld Jagters of die beeld van Bosveld Jagters of die nakoming van wetgewing deur Bosveld Jagters bedreig.

3.1.1.6. Hom skuldig maak aan wangedrag tydens enige byeenkoms, kompetisie, funksie of ander geleentheid wat deur Bosveld Jagters aangebied word.

3.1.1.7. Hom skuldig maak aan ‘n oortreding van die bepalings soos vervat in die Grondwet en die Beleid en Prosedures asook die Kompetisiereëls van Bosveld Jagters.

3.1.1.8. Hom skuldig maak aan oneerlikheid tydens ‘n kompetisie, wat tot gevolg het dat die handeling of die versuim daarvan die ware uitkoms van die kompetisie beïnvloed of kan beïnvloed, of poog om dit te doen.

3.1.1.9. Weiering of versuim om voor die Dissiplinêre Komitee te verskyn nadat hy behoorlik in kennis gestel is en ‘n kennisgewing afgelewer is.

## 4. KLAGTE PROSEDURE

4.1. ‘n Klagte word skriftelik ingedien by ‘n Tak Dagbestuur of Uitvoerende Dagbestuur binne dertig (30) dae na die oortreding begaan is of ontdek is.

4.2. Die skriftelike klagte moet duidelik aandui dat dit ‘n formele klagte is en ‘n volledige beskrywing bevat van gebeure. Verder moet dit ook ‘n aanduiding van die volgende bevat:

4.2.1. Of daar enige geldige bewysstukke bestaan.

4.2.2. Of daar enige getuies is.

4.2.3. Of daar enige audio- of visuele- of audiovisuele materiaal beskikbaar is.

4.3. Die betrokke Dagbestuur sal dan besluit watter proses gevolg sal word.

4.4. Indien die opsie van mediasie verkies word sal die volgende proses van toepassing wees:

4.4.1. Die aangeleentheid moet binne veertien (14) dae deur die betrokke Dagbestuur (in geval van ‘n individuele Lid) of deur die Uitvoerende Dagbestuur (in geval van ‘n Tak), by wyse van informele mediasie hanteer word na behoorlike ondersoek.

4.4.2. Indien mediasie suksesvol is word sodanige verslag saamgestel en aan die Tak Bestuur of Uitvoerende Bestuur aangebied vir goedkeuring.

4.4.3. Indien die klagte of dispuut nie bevredigend opgelos kan word nie, sal die betrokke Dagbestuur besluit of dit op Tak vlak of Uitvoerende vlak hanteer moet word en sal dit binne sewe (7) dae verwys word na die toepaslike Dissiplinêre Komitee.

4.4.4. Beide die Klaer en die Aangeklaagde sal ook binne sewe (7) dae van die besluit van die betrokke Dagbestuur in kennis gestel word.

4.5. Indien die opsie van ‘n dissiplinêre verhoor verkies word of die mediasieproses soos omskryf in Klousule 4.4 hierbo, nie suksesvol was nie sal die proses van ‘n dissiplinêre verhoor van toepassing wees:

4.5.1. ‘n Dissiplinêre Komitee sal binne sewe (7) dae saamgestel word deur die betrokke Tak Dagbestuur of die Uitvoerende Dagbestuur.

4.5.2. Die Dissiplinêre Komitee het dertig (30) dae om die klagte of dispuut na behore te ondersoek.

4.5.3. Indien die Dissiplinêre Komitee van mening is dat die klagte nie meriete het nie:

4.5.3.1. Sal die Dissiplinêre Komitee die betrokke Bestuur volledig skriftelik inlig vir goedkeuring van hul bevinding en aanbeveling.

4.5.3.2. Sal die betrokke Bestuur besluit of die bevinding en aanbeveling aanvaar word en die saak sluit.

4.5.3.3. Indien die betrokke Bestuur van mening is dat daar wel meriete in die saak is kan daar voortgegaan word met die dissiplinêre proses en/of dit kan ge-eskaleer word vanaf Tak Bestuur na Uitvoerende Bestuur.

4.5.4. Indien die Dissiplinêre Komitee of die betrokke Bestuur van mening is dat daar voldoende meriete is sal die klagtstaat gefinaliseer word en binne veertien (14) dae afgelewer word by die Aangeklaagde en ‘n kennisgewing van die dissiplinêre verhoor sal aan die Klaer gestuur word.

4.5.5. Die klagstaat moet die volgende inligting bevat:

4.5.5.1. ‘n Duidelike beskrywing van die beweerde oortreding;

4.5.5.2. Dit moet verder verwys na:

4.5.5.2.1. Wette en regulasies wat oortree is; en/of

4.5.5.2.2. Artikels van die Grondwet wat oortree is; en/of

4.5.5.2.3. Klousules van Beleid en Prosedures wat oortree is; en/of

4.5.5.2.4. Kompetisiereëls wat oortree is;

4.5.5.3. Die datum waarop die beweerde oortreding gepleeg is of bekend geraak het;

4.5.5.4. Die datum van die dissiplinêre verhoor;

4.5.5.5. Die regte van die aangeklaagde.

4.5.5.6. Alle bewysstukke moet die klagstaat vergesel.

4.5.6. Die Aangeklaagde moet binne sestig (60) dae ná sodanige kennisgewing voor die Dissiplinêre Komitee verskyn op ‘n tyd en plek soos deur die Dissiplinêre Komitee bepaal vir ‘n dissiplinêre verhoor.

4.5.7. Indien die Aangeklaagde nie in staat is om binne sestig (60) dae ná kennisgewing te verskyn nie, kan die Dissiplinêre Komitee die tydperk verleng na goeddenke maar alleenlik op skriftelike versoek met behoorlike motivering vanaf die Aangeklaagde.

4.5.8. Indien geen aanvaarbare redes deur die Aangeklaagde verskaf kan word vir sy versuim om voor die Dissiplinêre Komitee te verskyn nie, kan die verhoor in die afwesigheid van die Aangeklaagde voortgesit word.

4.5.9. Indien die Aangeklaagde verkies om nie voor die Dissiplinêre Komitee te verskyn nie, kan hy ‘n pleit en verweer (hierna genoem “sy verweerskrif”) teen die aanklag opstel en skriftelik maar nie later as nie as tien (10) dae voor aanvang van die verhoor by ‘n Lid van die Dissiplinêre Komitee indien.

4.5.10. Die verweerskrif sal dan as sekondêre getuienis met die vereiste bewyswaarde tesame met enige ander getuienis deur die Dissiplinêre Komitee oorweeg word ten einde uitspraak te lewer.

4.6. Tydens die verhoor moet die gewone hofproses gevolg word:

4.6.1. Die Aangeklaagde verskyn voor die Dissiplinêre Komitee op datum, tyd en plek soos aangedui in die klagstaat.

4.6.2. Die Aangeklaagde verklaar aan die Dissiplinêre Komitee dat hy regsverteenwoordiging het (indien van toepassing).

4.6.3. Die Aanklaer lees die klagstaat voor aan die Aangeklaagde.

4.6.4. Die Aangeklaagde word die geleentheid gebied om te pleit – “skuldig” of “onskuldig”.

4.6.5. Indien “skuldig” gepleit word sal die Aanklaer die bewysstukke aan die Dissiplinêre Komitee oorhandig en die Dissiplinêre Komitee sal die pleit aanvaar en dienooreenkomstig die vonnis bepaal vir aanbeveling.

4.6.6. Indien die Aangeklaagde “onskuldig” pleit sal die Aanklaer die bewysstukke aan die Dissiplinêre Komitee oorhandig en die Aanklaer die geleentheid gebied word om getuies te roep en getuienis te lei teen die Aangeklaagde.

4.6.7. Getuienis sal onder eed geskied soos bepaal in Klousule 2.18 hierbo.

4.6.8. Nadat ‘n Getuie getuienis gelewer het sal die Aangeklaagde (of sy regsverteenwoordiger) die geleentheid gebied word om die Getuie te kruisondervra.

4.6.9. Nadat al die Getuies getuig het en kruisondervra is sal die Aanklaer die Klaer se saak sluit.

4.6.10. Die Aangeklaagde sal dan die geleentheid gebied word om sy bewysstukke aan die Dissiplinêre Komitee te oorhandig en self te getuig om sy saak te verdedig. Hy man ook ander Getuies roep.

4.6.11. Die Aanklaer sal ook die geleentheid gebied word om elkeen van die Getuies te kruisondervra.

4.6.12. Sodra die Aangeklaagde se Getuies se getuienis afgehandel is sluit hy sy verdediging.

4.6.13. Die Voorsittende Beamptes mag op enige stadium aan enige Getuie vrae stel.

4.6.14. Die Aanklaer sal geleentheid kry om repliek te lewer ter versterking van die klag.

4.6.15. Daarna sal die Aangeklaagde of sy regsverteenwoordiger die geleentheid kry om repliek te lewer ter verdediging van die saak.

4.6.16. Die Dissiplinêre Verhoor sal dan verdaag word.

4.7. Die Dissiplinêre Komitee het daarna veertien (14) dae om die bevinding en aanbeveling aan die Tak Bestuur of die Uitvoerende Bestuur voor te berei en volledig skriftelik verslag te doen van die bevindinge en aanbevelings van die komitee, welke verslag die volgende inligting sal bevat:

4.7.1. Al die bewysstukke.

4.7.2. ‘n Opsomming van die getuienis wat aangebied is.

4.7.3. ‘n Uiteensetting van die bevinding van die Dissiplinêre Komitee.

4.7.4. Redes vir die Dissiplinêre Komitee se bevinding.

4.7.5. Aanbeveling t.o.v. ‘n gepaste vonnis met motivering.

4.8. Die Dissiplinêre Komitee is bevoeg om ná skuldigbevinding van ‘n Lid of ‘n Tak, een of meer van die volgende sanksies aan te beveel en die betrokke Bestuur om dit goed te keur:

4.8.1. ‘n Skriftelike waarskuwing.

4.8.2. Die verbeuring van kompetisiepunte of verbod op deelname aan enige kompetisie vir ‘n tydperk of permanent.

4.8.3. Oplê van ‘n boete of die heffing van addisionele Lidmaatskapgelde wat nie die bedrag sal oorskry wat deur ‘n landdroshof opgelê kan word nie.

4.8.4. Skorsing van enige Lid uit Bosveld Jagters vir ‘n tydperk of permanent.

4.8.5. Opheffing van toegewyde status van ‘n Lid.

4.8.6. Ontheffing van enige Tak Bestuurslid uit sy amp vir ‘n tydperk of permanent.

4.8.7. Ontheffing van ‘n Ampsdraer uit sy amp vir ‘n tydperk of permanent.

4.8.8. Skorsing van ‘n Tak uit Bosveld Jagters vir ‘n tydperk of permanent.

4.8.9. Vonnisse kan opgeskort word vir ‘n tydperk van hoogstens een jaar op die voorwaarde dat die Lid of Tak nie binne daardie tydperk weer ‘n oortreding begaan nie.

4.9. Die aanbeveling van die Dissiplinêre Komitee met alle bewyse en notules moet aan die betrokke Bestuur oorhandig word.

4.10. Die betrokke Bestuur moet die aanbeveling van die Dissiplinêre Komitee op die daaropvolgende Tak Bestuurs- of Uitvoerende Bestuursvergadering goedgekeur of afkeur.

4.11. Ongeag of die aanbeveling goedgekeur of afgekeur word deur die betrokke Bestuur moet die Aangeklaagde en Klaer binne sewe (7) dae skriftelik kennis gegee word van die besluit.

4.12. Enige Aangeklaagde wat skuldig bevind word aan ‘n oortreding bedoel in Klousule 3 hierbo, kan skriftelik appelleer na die Uitvoerende Bestuur binne veertien (14) dae ná kennisgewing van die uitslag van die dissiplinêre verhoor.

4.13. Die appél moet vergesel wees van ‘n duidelike uiteensetting van redes as motivering vir die appél en nuwe bewyse mag ingesluit word.

4.14. Die appél sal dan verwys word na die Advieskomitee vir beslissing.

4.15. Alle bewysstukke en notules in besit van die betrokke Bestuur moet aan die Advieskomitee voorsien word tesame met die appélaansoek.

4.16. Die Advieskomitee sal binne veertien (14) dae sy beslissing skriftelik aan die Uitvoerende Bestuur bekend maak.

4.17. Die Advieskomitee se beslissing is finaal.

4.18. Die Uitvoerende Bestuur moet binne vyf (5) dae die Aangeklaagde en Klaer van die uitslag in kennis stel.

Geteken op 28 Maart 2026 om 11:30 te Polokwane:



Uitvoerende Voorsitter